

BOU SAAM MET NEHEMIA

ds J Dreyer
prof PM Venter
ds JH Vorster

LEES & LEWE

BYBELSTUDIE

BOU SAAM MET NEHEMIA

'n Bybelstudiehandleiding



Ds JJ Dreyer
Prof PM Venter
Ds JH Vorster

KITAL: PRETORIA
1994

© 1994 KITAL
Uitgegee deur KITAL, Posbus 7193, PRETORIA, 0001

ISBN 1-874900-20-5

Gedruk deur Gutenberg Pers, Pretoria
Eerste Uitgawe, Eerste Druk 1994

© Kopiereg voorbehou, KITAL

VOORBLAD EN SKETSE: Ds WC Kloppers
KAARTE: Mev E Eslin

INHOUDSOPGAWE

INLEIDENDE OPMERKINGS 1

1 : DIE METODE 3

2 : NEHEMIA EN DIE CHRISTENGELOWIGE 6

3 : DIE HUIS MOET HERBOU WORD - NEHEMIA 1:1 - 2:8 12

4 : DIE BOUWERK BEGIN - NEHEMIA 2:9 - 3:32 17

5 : WEERSTAND VAN BINNE EN VAN BUITE
NEHEMIA 4:1 - 5:19 27

6 : DIE WERK WORD VOLTOOI - NEHEMIA 6:1 - 7:3 36

7 : TERUGBLIK - NEHEMIA 7:4 - 72 43

8 : ONS SAL DIE WET ONDERHOU -
NEHEMIA 7:72-10:39 47

9 : EENHEID EN KONTINUÏTEIT IN DIE
GELOOFSGEMEENSKAP - NEHEMIA 11:1-12:26 58

10 : DIE INWYDING VAN DIE MUUR -
NEHEMIA 12:27 - 13:3 66

11 : NEHEMIA SE HERVORMINGS - NEHEMIA 13:4-31 72

12: SAMEVATTING 79

ANTWOORDE 80

Redaksie: *Lees en Lewe*

Prof LJS Steenkamp
Prof APB Breytenbach
Prof JP Oberholzer

INLEIDENDE OPMERKINGS

Hierdie handleiding kan gebruik word vir:

- groepsbybelstudie
- huisgodsdiens
- persoonlike Bybelstudie

Waar hierdie handleiding vir *groepsbybelstudie* gebruik word, word aanbeveel dat die inleidende hoofstukke (Hoofstukke 1 - 2) ook in die groep behandel sal word. Aan elkeen van die hoofstukke kan 'n byeenkoms gewy word. Een groeplid kan aangewys word om die hoofstuk voor te lees en 'n opsomming daarvan beskikbaar te stel. Die besprekingsvrae aan die einde van die hoofstukke kan die res van die byeenkoms vul. Op hierdie wyse kan groeplede reeds van die begin af vrymoedigheid teenoor mekaar ontwikkel, omdat die besprekingsvrae so gekies is dat dit groot ruimte vir elkeen se persoonlike inset laat. Terselfdertyd word uiters belangrike voorarbeid so afgehandel en die latere studie van die Bybelteks word baie meer verstaanbaar en sinvol. Wanneer in 'n groep gewerk word, kan die volgende werkswyse goeie vrug oplewer:

1) Gaan eers individueel deur die werk , sodat elkeen geleentheid kry om selfstandig menings en standpunte te formuleer. Lees die gedeeltes wat vir naleeswerk gegee is en antwoord dan die vrae wat volg in 'n boek of op 'n aparte vel papier.

2) Bespreek in die groep. (Indien die Bybelstudiegroep baie groot is, verdeel die groep eers in kleiner groepe van maksimum sewe persone elk. Laat hulle eers die bespreking doen, voordat daar in die groter groep saamgevat word.)

3) Kontroleer jou antwoorde met die antwoorde agter in die studiehandleiding.

Waar hierdie handleiding by *huisgodsdiens* en in *gesinsverband* gebruik word, moet daarop gelet word dat kinders onder die ouderdom van 12 jaar, nog nie so maklik volgens die groepmetode hierbo met die res van

die gesin sal kan saamwerk nie. In daardie geval word aanbeveel dat daar met kinders wat steeds kategesepligtig is, eers oor hulle kategese werk gehandel sal word, terwyl die res van die gesin bysit. Daarna kan 'n variasie volg van die werkswyse wat hierbo vir Bybelstudiegroepe voorgestel is. Die volwassenes in die gesin volg die metode vir groepbybelstudie terwyl die kinders weer bysit. Op hierdie wyse word kinders van jongs af aan die praktyk van Bybelstudie blootgestel, en is daar 'n goeie kans dat vir hulle ook op die ou einde 'n leefwyse sal word. Voorbereiding, behandeling en kontrole van Bybelstudiestukke kan binne die gesin as 'n spanpoging beskou en hanteer word, wat vir ouers die geleentheid gee om doelbewus hulle kinders te onderrig en te lei in die bespreking van Bybelse gedagtes. Die sukses van so 'n onderneming, hang grotendeels van die ouers se entoesiasme af.

Persone wat die studiehandleiding vir *persoonlike Bybelstudie* gebruik, lees die bepaalde gedeelte in die Bybel deur, slaan die gedeeltes na wat in die handleiding vir naleeswerk gegee is en antwoord dan die vrae wat volg in 'n boek of op 'n vel papier. Nadat al die vrae so geantwoord is, kan die antwoorde vergelyk word met die antwoorde agter in die studiehandleiding.

Of hierdie handleiding dan by groepbybelstudie, huisgodsdiens of persoonlike Bybelstudie gebruik word, moet die *eerste twee hoofstukke* onder geen omstandighede oorgeslaan of uitgelaat word nie. Hierdie hoofstukke bied noodsaaklike inleidende inligting, waarsonder die Bybelstudie wat volg nie maklik uitgevoer sal kan word nie.

1

DIE METODE

Nie sommer enige metode nie

Wanneer 'n gelowige Bybelstudie doen, word daar onwillekeurig van 'n bepaalde metode gebruik gemaak. Daar is ook meer as een metode wat vir Bybelstudie gebruik kan word. Daar is egter een metode wat nie sal deug nie. Ons kan hierdie metode die tref-en-trap metode noem. Die Bybel word hier baie willekeurig en deurmekaar gebruik. Dit gebeur wanneer die Bybel bloot op sy rugkant neergesit word, en daar waar dit oopval, word 'n paar verse gelees. Hierdie soort Bybelstudie is nie konstruktief nie.

Die doel van Bybelstudie

Verantwoordelike Bybelstudie het ten doel om drie dinge te bereik.

* Dit probeer in die eerste plek duidelikheid te kry oor presies wat daar in 'n bepaalde gedeelte van die Bybel staan.
* Tweedens poog dit om te verstaan wat God met daardie bepaalde gedeelte aan 'n gelowige leser wil sê.
* In die derde plek vra dit hoe daar ook op die Woord van God geantwoord kan word.

Dit impliseer dat God se boodskap toegepas, beleef en prakties uitgeleef moet word. Om hierdie doelstellings te bereik vereis 'n volledige en sistematiese metode. Hierdie handleiding is 'n poging om elkeen wat dit gebruik te help om hierdie drie doelstellings te bereik.

Twee moontlike metodes

Een van twee metodes kan gebruik word om Bybelstudie te doen. Die eerste metode word die **Vyfpuntmetode** genoem. Daar word op vyf bepaalde punte gekonsentreer wanneer die Bybel bestudeer word. Die vyf punte is die volgende:

1. Wat gebeur het - 'n opsomming;
2. Probleemwoorde - onbekende woorde en

			uitdrukkings word neergeskryf en in 'n naslaanwerk opgelees;
3.	Hoofgedagte	-	die hoofgedagte of sleutelvers van die gedeelte word onderskei;
4.	God se Woord	-	wat die Here met die Skrifgedeelte vir my sê;
5.	My antwoord	-	hoe ek aktief en prakties gestalte gee aan dit wat God vra.

Die tweede moontlike metode, is die **Vraelysmetode**. Hier word met 'n vraelys gewerk. Die winspunt van hierdie metode is dat dit vergesel word van 'n *antwoordstel* vir kontrole doeleindes. Hierdie antwoordstel maak van die Vraelysmetode 'n meer gekontroleerde metode as die Vyfpuntmetode. Die vrae word aan die hand van drie hoofsake opgestel:

1.Inhoud-Wat staan daar?
2.Eksegese-Wat het dit vir die oorspronklike leser beteken?
3.Toepassing-Wat beteken dit vir my?

Die twee metodes saam

Om net een metode sonder afwisseling te gebruik, is nie net ietwat eentonig nie, maar dit sal ook nie elke gedeelte ten volle tot sy reg laat kom nie. Die Bybel bestaan uit verskillende soorte literatuur wat elkeen op 'n bepaalde manier gelees en verstaan met word. Die boek Nehemia bestaan oorwegend uit verhalende literatuur, met verskillende naamlyste tussenin. Hierdie literatuur kan nie net met 'n vraelysmetode bestudeer word nie. Daar moet ook hier en daar opmerkings gemaak word om beter te verstaan wat daar geskryf staan. Ons gebruik dus in hierdie handleiding grotendeels die Vraelysmetode. Wanneer ons ook hier en daar van die Vyfpuntmetode gebruik maak, word dit ter wille van die kontinuïteit ook in die vorm van vrae aangebied. Naas die kombinasie van hierdie twee metodes in die vorm van 'n vraelys, vind ons dit egter ook nodig om gepaste opmerkings te maak oor sake waarna daar in die teks verwys word en oor die manier waarop die vertelling saamgestel is.

Aan die begin van elke hoofstuk van die handleiding word die Bybelgedeelte wat behandel word aangegee en 'n kort opsomming waaroor dit in daardie gedeelte gaan. Direk daarna word 'n paar onderwerpe

aangedui wat in die Bybelstudiesessie ter sprake gaan kom. Omdat baie name en woorde in die Bybel vir ons vreemd is, is dit elke keer nodig om ook nog addisionele naleeswerk te gaan doen om die gedeelte beter te verstaan. Onder die opskrif **Naleeswerk** dui ons aan waaroor daar verder gelees moet word en waar daar daaroor nagelees kan word. Onder die opskrif **Wat staan daar?** word 'n reeks vrae gestel wat twee doelwitte het: eerstens, dat dit ons kan lei om die Bybelteks baie noukeurig te lees; en tweedens, dat dit vir ons 'n aanduiding kan wees van die belangrikste sake in elke gedeelte wat ons lees. In die afdeling **Wat beteken dit?** word vrae gevra en verskillende antwoorde gegee waaruit jy moet kies. Daar is nie altyd net een antwoord wat reg is nie. Soms is daar twee of selfs nog meer antwoorde wat almal reg is. Skryf maar net die vraagnommer en die alfabetnommer van die antwoord wat jy dink die regte(s) is op 'n stukkie papier neer. Moenie hierdie antwoorde weggooi nie - dit sal vir die laaste Bybelstudiesessie van hierdie handleiding weer nodig wees om hiernatoe terug te kom.

Vir elke Bybelstudiesessie is daar 'n antwoordstel agter in die handleiding. Die bedoeling daarmee is dat die vrae eers op eie houtjie deurgewerk, en indien toepaslik, bespreek moet word. Daarna kan sulke resultate aan die antwoorde in die laaste hoofstuk agter in die boek getoets word. Indien daar al voor die tyd in die antwoordstelle gekyk word, sal die meeste van die waarde en plesier van hierdie handleiding verlore gaan. Die doel van hierdie handleidings is juis om vrymoedige formulering van selfstandige denke oor Bybelse gedagtes aan te wakker.

Besprekingsvrae

1. Watter doelstellings wil jy as persoon, of julle as gesin, of julle as groep, met die studie van die boek Nehemia bereik?

2. Hoekom is dit noodsaaklik om van 'n spesifieke metode gebruik te maak?

3. Is daar ooreenkomste tussen die Vyfpuntmetode en die Vraelysmetode ? ('n Leidraad by hierdie vraag is dat punte 2 en 3 van die **Vyfpuntmetode** aan die een kant, en punt 4 en 5 aan die ander kant, by so 'n vergelyking as eenhede gereken kan word).

4. Watter voordeel het die uitgewerkte antwoordstelle vir Bybelstudie?

2

NEHEMIA EN DIE CHRISTENGELOWIGE

Nehemia vertel hoe die gemeente in Jerusalem weer opgebou is na die Judeërs uit die ballingskap teruggekeer het. Dit is 'n boek wat ons leer hoe ons ons moet laat opbou om vandag kerk van Jesus Christus te kan wees.

Belangrike sake in hierdie hoofstuk

- Die omstandighede waaronder Esra en Nehemia gewerk het.
- Die boek Nehemia moet saam met die boek Esra gelees word as 'n vertelpreek.
- Gelowiges moet opgebou word om 'n tempel vir die Here te wees.
- Bybelstudie van Nehemia maak vir ons duidelik wat ons taak en plig in die kerk is.

Die Historiese Agtergrond

Die gebeure wat in Nehemia beskryf word, speel in die vyfde eeu vC af. Die Perse was die wêreldheersers van daardie tyd. Hulle het die volkere wat onder hulle gestaan het in administratiewe provinsies verdeel. Juda was aanvanklik deel van die provinsie van Samaria. Met verloop van tyd het dit 'n selfstandige gebied binne die Persiese ryk geword. Tussen Juda en sy bure was daar egter voortdurend struweling gewees. In die tyd van Nehemia was Sanballat die goewerneur van Samaria. Hy en sy bondgenote was die Judeërs vyandiggesind en het alles probeer om hulle in onguns by die Perse te bring. Sanballat saam met Tobia van Ammon in die ooste, Gesem van die Arabiere in die suide en die inwoners van Asdod in die weste het die Judeërs van opstand teen die Perse beskuldig, hulle pogings om die mure van Jerusalem te herstel bespot en selfs gedreig om hulle aan te val.

Die tempel, die koninklike paleis en die muur van Jerusalem is tydens die inval van Nebukadnessar, die Babiloniese koning, in 587 vC verwoes. Tussen die jare 597 en 582 vC was daar altesaam drie deportasies waarin inwoners van Jerusalem in ballingskap weggevoer is en in Babiloniese gebiede hervestig is. Eers vyftig jaar later is die Judeërs toegelaat om na

Jerusalem en Juda toe terug te keer. Die Persiese koning Sirus het in 538 vC 'n dekreet uitgevaardig wat aan die verskillende volkere wat in die voorafgaande tyd deur die Assiriërs en Babiloniërs uit hulle lande van oorsprong gedeporteer is, toestemming gegee het om na hulle lande van oorsprong terug te keer.

'n Eerste groep ballinge het onder die leiding van Sesbassar na Jerusalem teruggekeer. Hulle het die fondasies van die tempel weer herstel. Onder die leiding van Serubbabel en die hoëpriester Jesua is die tempel weer herbou en in 515 weer ingewy. Die profete Haggai en Sagaria het 'n belangrike rol in die herbou van die tempel gespeel.

Die mure van Jerusalem was egter nog steeds vervalle. Die diens by die herboude tempel was ook nog nie weer geherorganiseer nie. Dit was die taak van die amptenaar Nehemia en die Wetgeleerde Esra. Daar is nie duidelikheid oor hoe presies Esra en Nehemia met mekaar skakel nie. Die besonderhede is verwarrend en dit is nie moontlik om met finaliteit te sê wie eerste gekom het en wie daarna nie. Nehemia word nie in die boek Esra genoem nie. Esra tree egter by geleentheid saam met Nehemia op (Nehemia 8). Ons dink dat Nehemia eers gekom het, toe weer vertrek het en later, nadat Esra na Jerusalem gekom het, weer vir 'n tweede keer daarnatoe gekom het. Hoe dit ook al sy, ons weet van Nehemia dat hy in 445 vC as volle goewerneur na Juda, teen daardie tyd reeds 'n selfstandige provinsie, gestuur is. Nehemia se opdrag was om die verdediging van Jerusalem op te knap, die politieke administrasie weer op die been te bring en die godsdienssake te herorganiseer. Hy kry militêre begeleiding na Jerusalem en magtiging van die Persiese owerheid om geld en amptenare aan te wend soos hy goed dink. Ook sy werk gaan gebuk onder baie teenstand.

Die toegeeflike houding van sommige van die inwoners van Juda, veral die meer welgestelde groepe, teenoor hierdie bure en selfs die ondertrouing met hulle, het toe die drastiese maatreëls nodig gemaak wat Nehemia in 'n tweede dienstermyn moes tref. Teen 433 is Nehemia se hoof oogmerke bereik en hy keer terug na Persië. Wanneer hy in 428 vC vir 'n onbepaalde tweede termyn weer na Jerusalem terugkeer, voer hy sy program van hervorming verder deur. Sy aksies het die posisie van Juda aansienlik versterk, veral teen die vyandige bure rondom Juda. Om die godsdiens weer te herstel was Nehemia verplig om streng hervormingsmaatreëls in te voer.

Die boek Nehemia

Nehemia se geskiedenis word nie in die Bybel bloot net beskryf nie,

maar dit word vir ons *vertel*. Soos 'n skilder vir ons 'n toneel weergee deur dit vir ons te skilder soos dit deur sy oë lyk, vertel die Bybelskrywer ons hoe dit wat gebeur het deur die oë van die geloof lyk. Hy wys vir ons sekere dinge in die gebeure uit, hy herhaal sekere dinge en hy laat ander dinge weg omdat dit vir hom minder belangrik is. In Nehemia het ons 'n vertelpreek. Wat Nehemia gedoen het word vir ons uiteengesit as die dade van iemand wat gehoorsaam is aan die Here en sy lewe daaraan wy om God se woord uit te dra deur sy medegelowiges te help om elke dag in diens van die Here te lewe.

Soos in die boek Esra, gaan dit in Nehemia ook oor drie sake:

1. Dit gaan oor die geloofsgemeenskap wat almal saamstaan om die werk doen wat God aan hulle opgedra het. Almal help om die muur te herbou. Die gemeenskap kom almal bymekaar om God se Wet te hoor. Hulle beloof spontaan om die feeste te vier wat God verorden het. Hulle belowe selfs skriftelik om aan Hom gehoorsaam te wees en die diens van sy tempel nie te verwaarloos nie.
2. Die voltooiing van die stadsmuur word uitgebeeld as die afhandeling van 'n geloofsprojek. Die muur word aan God gewy soos die tempel by voltooiing aan God gewy is. Die hele Jerusalem word soos 'n groot tempel waarin die Here gedien word. Die werk wat onder Nehemia gedoen word, word gesien as die afhandeling van 'n taak wat al begin het by die terugkeer uit die ballingskap toe die tempel herbou is. Dit gaan hier oor die herbou van die Tempel van God, wat nie net die gebou van klip insluit nie, maar die hele gemeente en alles wat hulle doen.
3. Soos in Esra dra geskrewe dokumente hier baie gewig. Die belangrikste dokument is egter die Wet van God waaruit daar gelees word en waarin daar gesoek word na wat die Here van sy kerk vra om te doen. Die hele lewe word volgens daardie Woord ingerig.

Dit is nie toevallig dat dieselfde temas in Nehemia voorkom as in Esra nie. Alhoewel dit twee boeke is in ons Bybel, is dit eintlik een deurlopende vertelling. Esra 1:1-4 begin met 'n opdrag dat die tempel herbou moet word. Daardie opdrag word uitgevoer en wanneer die tempel voltooi is word dit ingewy (Esra 1:-6:22). Die tweede opdrag is om die diens by die tempel en die lewe van die gelowiges in Jerusalem te herorganiseer. Van Esra se aandeel om hierdie opdrag uit te voer, word is Esra 7:1-10:44 vertel. Van Nehemia se aandeel word in Nehemia 1:1-7:3

vertel. Nehemia 7:4-72 gee deur middel van 'n naamlys 'n terugblik op die gebeure vanaf die tyd dat die eerste ballinge saam met Serubabel na Jerusalem teruggekeer het. Die boek sluit af met die feesvierings en ondernemings wat die herstelde gemeente onder die leiding van Esra en Nehemia gemaak het.

Terwyl die boek Nehemia dus by die boek Esra aansluit, is dit self weer 'n vertelling wat uit drie gedeeltes bestaan:

A. NEHEMIA KOM NA JERUSALEM (1:1-7:3)

1. Hy maak hom gereed (1:1-2:8)
2. Aankoms in Jerusalem, beplanning en begin van die bouwerk (2:9-3:32)
3. Struikelblokke wat die bouwerk vertraag (4:1-5:19)
4. Die muur na 52 dae voltooi (6:1-7:3)

B. SAMEVATTING (7:4-72)

C. DIE WET EN DIE LEWE IN JERUSALEM (8:1 -13:31)

1. Die Wet en sy betekenis (8:1-10:40)
2. Die wat deelgeneem het (11:1-12:26)
3. Wyding van die muur (12:27-13:3)
4. Verdere maatreëls (13:4-31).

Wat die boek vir Christene beteken

Die dissipels en apostels het nog nie 'n Bybel met 'n Ou en 'n Nuwe Testament soos ons gehad nie. Hulle Heilige Skrif het slegs bestaan uit die gedeelte wat ons as die Ou Testament ken. Wanneer hulle Jesus Christus moet verkondig dink hulle oor Hom na en praat hulle oor Hom met die begrippe wat hulle uit daardie Skrif (= Ou Testament) ken. Wanneer hulle oor die kerk van Jesus Christus praat, gebruik hulle beelde en woorde uit die Ou Testament. Die Eerste Petrusbrief roep die gelowiges op:

'Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te

bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is' (I Petrus 2:5),

Hierdie oproep gebruik uitdrukkings wat orals in die Ou Testament voorkom. Ook in die Esra-Nehemia vertelling is daar sprake van 'n geestelike huis, priesters en offers. Wat oor God se gemeente in Nehemia gesê is, word vir ons in die Nuwe Testament in die lig van Jesus Christus, ons Heer , gesê. Omgekeerd word dit wat in die Nuwe Testament oor die kerk van Christus gesê word, vir ons verstaanbaarder as ons dit in die lig van die vertelling in Esra-Nehemia lees.

In die Nuwe Testament word daar oor die kerk van Christus op verskillende maniere gepraat. 'n Hele aantal beelde word gebruik om aan die gelowiges te verduidelik wat dit beteken om lidmaat van die kerk te wees. In dieselfde Petrusbrief word vir die gelowiges gesê:

> *'Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig. Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God.*'(1Petrus 2:9-10).

Uit hierdie woorde is 'n paar dinge duidelik. In die eerste plek is die volk van God almal wat in Jesus Christus glo. Tweedens dien hierdie afgesonderde eiendomsvolk van God, as priesters en konings in die wêreld. Hulle moet soos God se priesters en konings lewe. Elke Christen het 'n opdrag en 'n taak. Elkeen moet deur sy lewenswyse die boodskap van God se redding deur Christus uitdra.

Paulus praat met die Korintiërs oor dieselfde saak in 1 Korintiërs 3. Hy gebruik ook die beeld van 'n gebou. Die gelowiges is God se gebou. Jesus Christus is die fondament van hierdie gebou. Die gelowiges moet op hierdie fondament soos 'n gebou opgerig word om 'n tempel vir die Here te wees. Die Gees van God woon in hierdie tempel en Hy heilig dit vir die diens van God.

In 1 Korintiërs 12 word weer die beeld van 'n liggaam gebruik. Die gelowiges is soos die verskillende ledemate van 'n mens se lyf. Die een ledemaat kan nie bestaan sonder die ander een nie. Elkeen het 'n bepaalde funksie om te doen in die kerk wat weer die ander lede in staat stel om hulle bepaalde werk te doen. So werk die hele liggaam van gelowiges saam soos een liggaam. En hierdie lyf staan onder die leiding van die kop van die liggaam: Jesus Christus, sy Hoof en sy Heer.

Van hierdie liggaam met sy baie lede is ons elkeen 'n aktiewe lidmaat. In die tempel waarin God se Gees woon is ons elkeen 'n lewende

steen. Deur ons priesterlike diens is ons God se heiligdom waar Hy dag en nag gedien word. Om ons in hierdie dienswerk op te lei gebruik die Gees wat in ons woon die Woord van God. Deur die Woord van God laat ons ons opbou om lewende stene in die geestelike huis van Christus se kerk te wees. Ons word deur die Gees ingetrek in een groot bouproses.

In Nehemia word die bouwerk aan die muur as die uitbouing van die gemeente uitgebeeld. Deur alles wat daar in Jerusalem gedoen word, word die gelowiges opgebou in hulle geloof en hulle dienswerk vir God. Dit is dan ook in die opsig van **opbou in die geloof en diens aan God** wat ons reken dat die boek Nehemia iets het om vir ons te leer. Ons Bybelstudie van Nehemia sal vir ons kan leer wat ons dienswerk aan God alles inhou. Dit sal ons leer hoe ons saam kan bou aan die kerk van ons Here, Jesus Christus.

Besprekingsvrae

2.1 Is dit werklik nodig dat ons ook die geskiedkundige omstandighede van die gebeure in die Bybel moet ken? Hoekom sê jy so?

2.2 Is daar 'n verskil tussen die blote beskrywing van gebeure en wanneer dit vertel word?

2.3 Wat is die tema van Nehemia?

2.4 Wie is die hedendaagse volk van God en hoe behoort hulle te lyk?

2.5 Funksioneer die kerk van vandag, en spesifiek die gemeente waaraan ons behoort, soos 1 Korintiërs 12 dit uiteensit?

2.6 Met watter verwagting doen jy Bybelstudie oor Nehemia?

3

DIE HUIS MOET HERBOU WORD

NEHEMIA 1:1 - 2:8

Die vertelling begin waar Nehemia verneem dat Jerusalem in 'n vervalle toestand is. Hy bid tot die Here en bely dat hierdie tragiese toestand die gevolg is van sy volk se afvalligheid van die Here. Eers wanneer Jerusalem se mure weer herbou is, sal dit duidelik wees dat God se verhouding met sy volk herstel is. Daarom smeek hy die Here om die Persiese koning gewillig te maak sodat hy aan hom toestemming sal gee om na Jerusalem te gaan om die mure en stadspoorte te herstel. Die koning gee aan hom verlof en hy is gereed om die taak aan te pak.

Belangrike sake in hierdie hoofstuk

- Die rol van empatie in die kerk.
- Die gebed van die gelowige.
- Geloofsvertroue.
- Die bereidheidheid om in die geloof op te tree.

Naleeswerk

Lees Nehemia 1:1-2:8 noukeurig deur en gaan doen ook naleeswerk oor die volgende sake:

° Wanneer dit die maande Kislef en Nisan is, onder **Maande** in die **Woordelys** agter in die Nuwe Afrikaanse Vertaling.

° In watter jaar die twintigste regeerjaar van Artasasta I geval het, in die lys van **Persiese konings** hieronder.

° Die Judeërs wat toegelaat is om uit die ballingskap na Jerusalem terug te gaan, in Esra 1:1-11.

- Die verwoesting van Jerusalem en die **ballingskap**, in hoofstuk 2 van hierdie handleiding.
- Wat **vas en gebed** beteken, in die raam hieronder.
- Hoe Nehemia se optrede met die van **Esra** vergelyk, in Esra 9:3-15.
- Oor die goewerneurs en provinsies van die **Persiese ryk**, in hoofstuk 2 van hierdie handleiding.
- Deur Wie se toedoen dinge slaag, in Esra 7:28 en 8:18.

VAS EN GEBED

Die gebruik om by tye ter wille van 'n godsdienstige rede glad nie te eet nie, kom in al die gelowe in die wêreld voor. In die Bybel is dit altyd 'n teken van verootmoediging voor God. Dit gaan gewoonlik met berou oor sonde gepaard. Soms word daar ook gevas wanneer iemand oor 'n dooie rou. Wanneer daar gevaar gedreig het en daar ernstig gebid is tot God om hulp, is daar ook gevas. In die tyd ná die ballingskap het die vas in belangrikheid begin toeneem en in die plek van ander godsdienstige gebruike begin kom.

DIE PERSIESE KONINGS

SIRUS (KORES)	Regeer vanaf 550 tot 530 vC
KAMBUSES	530 tot 522 vC
DARIUS I HUSTASPES	522 tot 486 vC
XERXES I (AHASVEROS)	486 tot 465 vC
ARTAXERXES I (ARTASASTA I)	465 tot 424 vC
XERXES II	424 tot 423 vC
SOGDIANUS	423 vC
DARIUS II OGUS	423 tot 404 vC
ARTAXERXES II MEMMON (ARTASASTA II)	404 tot 358 vC

ARTAXERXES III OGUS	368 tot 338 vC
ARSES	338 tot 336 vC
DARIUS III CODOMANNUS	336 tot 331 vC

Wat staan daar?

3.1 Hoe word die boek in vers 1 getipeer?
3.2 Waar is die stad Susan waar Nehemia sy besoekers ontvang het? (vers 1)
3.3 Watter berig ontvang Nehemia oor Jerusalem? (vers 3)
3.4 Hoe reageer Nehemia op hierdie nuus? (vers 4)
3.5 Watter drie sake kom in Nehemia se gebed aan die orde? (verse 5-11)
3.6 Hoe dikwels bid Nehemia sy gebed? (vers 6)
3.7 Namens wie almal doen Nehemia belydenis van sonde? (vers 6)
3.8 Waarop doen Nehemia 'n beroep? (vers 8)
3.9 Wat het God alles belowe? (verse 8 en 9)
3.10 Was dit vir Nehemia moeilik om God te eer? (vers 10)
3.11 Watter twee dinge bid Nehemia van God af? (vers 11)
3.12 Watter posisie het Nehemia aan die koningshof beklee? (vers 11)
3.13 Hoekom was Nehemia bedruk voor die koning? (2:3)
3.14 Wat het Nehemia vinnig opgestuur? (2:4)
3.15 Wat vra Nehemia van die koning? (2:5)
3.16 Hoekom vra Nehemia ook briewe van die koning aan die goewerneurs? (2:7)
3.17 Waarvoor het Nehemia hout nodig gehad? (2:8)
3.18 Wat beteken die uitdrukking dat God sy hand oor Nehemia gehou het? (2:8)

Die vertelling begin met die probleem wat Nehemia moet oplos. Dit is vir hom 'n geloofsaak om die muur van Jerusalem te herstel. In die planne wat hy beraam om die saak aan te pak steun hy op die ondersteuning van die koning en die onmisbare hulp van die Here.

Wat beteken dit?

3.19 Dat ons hier met 'n vertelling te doen het, beteken:

a. dit is slegs 'n storie sonder enige historiese basis;
b. dit is Nehemia se lewensverhaal waarin hy vertel van sy geloof en wedervaringe;
c. dit gaan in die boek oor Nehemia se persoonlike suksesse;
d. dit is 'n uitbeelding wat vertel van God se betrokkenheid by die wat aan Hom behoort.

3.20 Uit Nehemia se reaksie op alles wat hy hoor oor die mense in Juda, lei ons af dat sy houding oor sy medegelowiges soos volg is:

a. Hulle ellende raak hom nie, omdat hy ver wan hulle af woon;
b. hulle is sy medegelowiges teenoor wie hy nie onverskillig kan staan nie;
c. hy is bereid om met alles wat hy het by hulle nood betrokke te raak;
d. hy is oortuig dat alles hulle eie skuld is;
e. hy besef dat hy en sy volk self verantwoordelik is vir die straf en die ballingskap.

3.21 Nehemia ken God en Sy beloftes. Op grond van alles wat hy weet, aanvaar Nehemia:

a. God is so almagtig en getrou dat Hy self weer die mure van Jerusalem met 'n wonderwerk sal opbou;
b. God is bereid om weer alles te herstel vir mense wat hulle sonde bely en hulleself tot Hom bekeer;
c. dat die aangewese weg is om al sy vertroue op God te stel.

3.22 Wanneer 'n gelowige tot God bid, dan bid hy:

a. Net wanneer hy so voel;
b. net wanneer hy in die nood is;
c. elke dag, ook wanneer hy in die nood is;
d. sonder ophou;
e. net een keer oor 'n bepaalde saak.
f. Met die oog daarop om God te eer;
g. asof dit 'n sware en moeitevolle verpligting is;
h. met vreugde.

3.23 'n Gelowige mag in sy gebed die Here nader:

a. Slegs oor sake wat hom nie persoonlik raak nie;
b. slegs oor sake rakende die eiendomsvolk van God;
c. oor alle sake wat die gemeenskap van gelowiges, sowel as die gelowige persoonlik raak;
d. oor elke saak waarteen die gelowige opsien in die beplanning en uitvoering van sy verantwoordelikheid voor God.

3.24 Wat was die rede dat Nehemia bereid was om sy hoë posisie aan die koninklike hof prys te gee?

Hoe antwoord ons?

3.25 Wat beteken dit vir ons dat God sy hand oor Nehemia gehou het en die koning inskiklik gemaak het om Nehemia na Jerusalem te stuur?

3.26 Mag ons onsself distansieer van die nood van ons medegelowiges en van die behoeftes wat in die kerk van Christus bestaan? Motiveer jou antwoord.

3.27 Nehemia se gebed vertoon bepaalde kenmerke. Watter kenmerke behoort ons gebede te vertoon, en wat mag ons alles in ons gebede aan God opdra?

3.28 'Sodra jy as gelowige 'n belangrike saak in gebed aan God opgedra het, kan jy rustig agteroor sit en wag dat God sy deel doen'. Wat is jou siening oor hierdie stelling?

3.29 Maak op grond van jou antwoorde by die vorige twee afdelings van hierdie hoofstuk in die studiehandleiding 'n lys van sake en gesindhede wat na jou mening as **boustene** in jou persoonlike geloof kan dien.

3.30 Doen dieselfde as by 3.29, maar dink nou aan wat as **boustene** in die opbou van 'n gemeente kan dien.

4

DIE BOUWERK BEGIN

NEHEMIA 2:9 - 3:32

Nehemia kom in Jerusalem aan en haal die Judeërs oor om die muur van die stad te begin herbou. Van oral uit Juda en uit al die sektore van die samelewing daag mense op en begin aan die muur te werk. Daar is egter ook weerstand teen die herstelwerk en die leiers van die buurvolke probeer die Judeërs ontmoedig om met die werk voort te gaan.

Belangrike sake in hierdie hoofstuk

- Die bereidheid om daadwerklik take in die kerk te verrig.
- Almal in die kerk dra saam verantwoordelikheid vir die werk van die Here.
- Die werk van die kerk gaan met weerstand gepaard.

Naleeswerk

° Vergelyk Nehemia se reis en aankoms in Jerusalem met die van Esra. Lees **Esra 8:21-36.**

° Lees oor **Sanballat** en sy bondgenote hieronder.

° Lees oor die verwoesting van **Jerusalem** in 2 Kronieke 36:11-21.

Wat staan daar?

Lees Nehemia 2:9 tot 3:32 deur aan die hand van die twee kaarte van Jerusalem hieronder. Volg op die eerste kaart die roete wat Nehemia gevolg het in die nag. Hy het by die Dalpoort begin. Die Dalpoort is aan die

linkerkant in die middel van die eerste kaart.
Op die tweede kaart word aangedui waar die verskillende groepe aan die muur gewerk het. Die Hoëpriester en priesters het die muur begin herstel by die Skaappoort. Die SKAAPPOORT is op die tweede kaart regs bo. Van die Skaappoort af het hulle die muur na links tot by die GANANELTORING herstel. Van die Gananeltoring af, is al die gegewens oor wie waar gebou het, LINKSOM al op die muur af aangedui (d.w.s. van die Gananeltoring na die VISPOORT, na die OU POORT, na die BREë MUUR, na die DALPOORT ens.). Hoofstuk 3 eindig waar die bouwerk aan die laaste stukkie muur tussen die KAMER OP DIE HOEK en die SKAAPPOORT beskryf word.

AANBEVELING (vir groepe):
Laat een groeplid eers die verduideliking hierbo en daarna die gedeelte uit die Bybel hardop voorlees, terwyl die ander op die kaarte in die studiehandleiding volg. Dit is uiters belangrik om die hoofstuk wel woord vir woord deur te gaan om te kan verstaan waaroor dit hier gaan. Die kaarte dien daarby as 'n belangrike visuele hulpmiddel.

4.1 Waarom was die koms van Nehemia slegte nuus vir Sanballat-hulle? (2:10)
4.2 Wat doen Nehemia sodra hy in Jerusalem aankom? (2:12-13)
4.3 Hoekom hou Nehemia sy planne aanvanklik geheim?
4.4 Tree Nehemia op eie gesag op met die nagtelike ondersoek wat hy doen? (2:12)
4.5 Hou Nehemia die ampsdraers, Judeërs, priesters en vooraanstaande burgers aanvanklik op hoogte van die werk wat hy moet kom doen? (2:16)
4.6 Wat is die vernedering wat op Nehemia en sy medegelowiges rus? (2:17)
4.7 Met watter twee argumente oorreed Nehemia die Judeërs om die mure te herbou? (2:18)
4.8 Waar het ons tevore al gelees dat God sy hand oor Nehemia gehou het?
4.9 Wat is die Judeërs se reaksie op Nehemia se oproep? (2:18)
4.10 Hoe reageer die vyande van die Judeërs op die planne? (2:19)
4.11 Wat is Nehemia se antwoord aan die vyand? (2:20)



Nehemia se nagtelike roete


Senaäfamilie
Sakkur
Manne van Jerigo
Hoëpriester Eljasib en Priesters
smede en handelaars
Malkija en die smede
Meremot
Mesullam (Berekja)
Sadok (Baäna)
Tekoa se mense
Gananeltoring
Vispoort
Skaappoort
Kamer op die hoek
Inspeksiepoort
Jojada
Ou Poort
Toring-van-die-Honderd
Kwartiere van
Mesullam (Besodja)
Breë muur
Gananja
Ganun
Mesullam
Melatja
Jadon
Manne van
Gibeon
Manne van Mispa
Tempelslawe
Tempel
Oospoort
Sadok
Semaja
Perdepoort
Priesters
Ussiël en smede
Gananja uit salfmengers
Mense van Tekoa
Pedaja
en Tempelslawe
Refaja
Jedaja
Gattus
Malkija
Bakoondtoring
Palal
Priesters:
Ofelmuur
Aangeboude Toring
Benjamin en
Gasub
Asarja
Binnuï (Genadad)
Sallum en sy dogters
Dalpoort
Waterpoort
Kidrondal
Levliete:
Regum
Gasabja
Binnuï
(Genadad)
Eser
Baruk
Meremot (Urija)
Gannun en inwoners van Sanoag
Kaasmakersdal
Malkija (Rekab)
Kanaaldam
Nehemia (gesagvoerder Bet-Sur)
Vullispoort
Fonteinpoort
Sallun

Sanballat en sy Bondgenote

Die gebiede waaroor die Perse geheers het, is in kleiner administratiewe eenhede verdeel. Oor elke eenheid, of provinsie, het hulle 'n goewerneur uit die plaaslike bevolking aangestel. Sanballat, Tobija en Gesem was mense uit die plaaslike bevolking wat as Persiese amptenare oor die verskillende gebiede rondom Juda aangestel was. Sanballat was oor die provinsie Samaria aangestel. Samaria was die belangrikste provinsie in die Wes-Eufraat streek. Juda het aanvanklik onder die beheer van Samaria gestaan. Dit het eers later van tyd 'n provinsie op sy eie geword. Sanballat het alles in sy vermoë gedoen om in beheer van Juda en die ander gebiede rondom hom te bly. Dit het hy onder ander probeer doen deur bondgenootskappe met leiers soos Tobija en Gesem te smee. Nehemia wou egter niks van hom weet nie. Dit is die rede hoekom hy en sy bondgenote alles moontlik gedoen het om te keer dat die mure van Jerusalem herbou word en Jerusalem se verdedigingstelsel opgeknap word.

Wie almal gebou het:

4.12 Watter ampsdraers help almal met die bouwerk ? (3:1, 17, 22, 26, 28, 31).

4.13 Van waar af oral het mense kom help met die bouwerk? (3:2, 5, 7, 13).

4.14 Uit watter beroepe almal was die helpers by die bouery afkomstig? (3:8 en 31).

4.15 Watter vrouens het gehelp met die bouwerk? (3:12).

4.16 Waaraan word in die volgende verse gewerk: 3:1, 3, 6, 13, 14 en 15 ?

4.17 Die muur word in verse 19 en 20 regoor die ingange van twee belangrike plekke herstel. Watter twee plekke?

4.18 Waar herstel Jedaja (in vers 10) sowel as Benjamin, Gassub en Asarja (in vers 23) die muur?

4.19 Word die hele muur herstel, of is daar êrens 'n deel wat nie opgebou word nie?

4.20 Met watter gesindheid het hierdie mense die bouwerk gedoen? (4:6).

4.21 Was daar nie maar tog 'n paar wat nie hulle samewerking wou gee nie? (3:5).

> In hierdie episode word Nehemia se versigtige optrede, sy vermoë om sy volksgenote te oorreed dat God wil hê dat hulle die muur moet herbou, die eendragtige samewerking van die Judeërs om vir God te bou, maar ook die voorskou van die teenstand wat hulle sal ervaar, uitgebeeld.

Wat beteken dit?

4.22 Wanneer die Judeërs in Nehemia 2:18 sê: 'Kom ons bou!', beteken dit dat hulle:

a. teen die koning in opstand kom;
b. graag die stad wil verfraai;
c. God se goeie hand raaksien in alles wat met Nehemia gebeur het;
d. gehoorsaam wil wees aan God se opdrag;
e. oortuig is van God se bystand;
f. baie van Nehemia as persoon hou.

4.23 Die Judeërs se oorweging met die herbou van die mure was die volgende:

a. Suiwer patrioties;
b. slegs vir 'n veilige blyplek;
c. die besef dat hulle vernedering die gevolg was van ongehoorsaamheid voor God (vgl Nehemia 1:9);
d. dat hulle aan God wou toon dat hulle hul bekeer het, en nou dankbaar vir die vergiffenis op Hom vertrou vir hulp en bystand;
e. uitsluitlik omdat hulle 'n historiese band met Jerusalem gehad het.

Formuleer die belangrikste kenmerke van die bouwerk in Nehemia 3 aan die hand van jou antwoorde in die vorige afdeling (Wat staan daar?) van hierdie hoofstuk:

4.24 Watter doel wou Nehemia-hulle met die werk bereik?

4.25 Wie het almal saam gewerk?

4.26 Het hulle net op strategiese plekke gewerk?

4.27 Wat was hulle houding teenoor die werk?

4.28 Vat nou in een sin die belangrikste dinge saam wat jy in 4.24 tot 4.27 geantwoord het. Probeer om minder as 20 woorde te gebruik.

4.29 Die betekenis van die lang lys van name in Nehemia 3 is:

a. Mense wat op God vertrou en Sy roeping ter harte neem, moet gehoorsaam en roepingsgetrou met mekaar saamwerk;

b. dit is 'n niksseggende naamlys wat nie vir ons enige betekenis het nie.

Hoe antwoord ons?

4.30 Wanneer gelowiges bouwerk vir God moet doen, moet dit deur die volgende mense gedoen word:

a. Slegs ampsdraers;
b. alleen mans;
c. elkeen wat op God vertrou;
d. alleenlik die hoof van elke huis;
e. elke gelowige, ongeag sosiale stand;
f. slegs die wat daarvoor opgelei is;
g. elkeen wat God se roeping hoor en wil gehoorsaam;
h. elkeen wat vir homself wil naam maak;
i. alleen die wat uit 'n bepaalde gebied afkomstig is.

4.31 Bouwerk vir God moet op die volgende gebiede gedoen word:

a. Slegs op die mees strategiese punte;
b. alleenlik waar dit vir die een wat bou, voordeel kan inhou;
c. oral waar dit vir God van belang mag wees;
d. waar dit ook al tot voordeel van 'n ander gelowige mag strek.

4.32 Gelowiges wat besig is om bouwerk vir God te doen:

a. Probeer mekaar se foute uitwys;
b. konsentreer op die werk wat gedoen moet word;
c. probeer by 'n ander die werk oorneem waarmee hy besig is;
d. lewer kommentaar op ander se bydrae tot die werk;
e. is bereid om skouer teen skouer met alle ander gelowiges

saam te werk;

f. begin kla sodra alles nie na sy sin verloop nie;

g. laat mense wat nie wil saamwerk nie, toe om sy entoesiasme te demp.

4.33 Iemand wat vir God bouwerk doen:

a. Probeer om die absolute minimum te doen;

b. doen waar moontlik meer as wat verwag word;

c. verwag om persoonlik bedank te word vir wat bereik is.

4.34 As 'n gelowige met God en ander gelowiges wil saamwerk:

a. Kan hy dit maar traak-my-nie-agtig aanpak;

b. doen hy dit met sy hele hart;

c. probeer hy 'n lae profiel handhaaf;

d. kan hy die werk bietjie uitstel.

4.35 Wanneer God iets van 'n gelowige verwag:

a. Kom die gelowige se belange in die wêreld voor die opdrag van God;

b. doen die gelowige in gehoorsaamheid aan God sy absolute bes;

c. is dit gewoonlik iets wat nie met entoesiasme gedoen kan word nie;

d. kan die gelowige self besluit of hy belangstel en selfs weier sonder dat daar skade aan sy verhouding met God gedoen word.

4.36 God gee vir ons as gelowiges ook opdragte. Mag ons gemoedstoestand en vrese ons in ons gehoorsaamheid beïnvloed? Motiveer jou antwoord.

4.37 Wat is jou mening oor die volgende stelling? 'As ek besig is om 'n opdrag van God uit te voer, is beplanning onnodig omdat God sal sorg dat ek gemotiveerde helpers het'.

4.38 Wat moet vir ons die verhouding tussen gebed en werk wees?

4.39 Die Judeërs sien dat God in beheer is van alles wat met Nehemia en uiteindelik met hulle self gebeur. Dit gee aan hulle die vertroue om

die werk aan te pak. Het hierdie feit vir ons as lede van die hedendaagse Godsvolk enige betekenis?

4.40 'n Gesonde verhouding tussen God en gelowige vereis onder andere dat die gelowige sy sonde sal raaksien, hom voortdurend tot God sal bekeer, sal vertrou dat God hom vergiffenis vir sy sonde sal skenk, en in dankbare vertroue op God se hulp, gehoorsaam sal wees aan God se opdragte.

a. Is so 'n verhouding met God vir jou belangrik? Gee redes vir jou antwoord.

b. Dink jy dat gelowiges met so 'n gesindheid en geloofsverhouding 'n verskil in die kerk van Christus en spesifiek in jou eie gemeente kan maak?

> In 1 Korintiërs 12 beskryf Paulus die Kerk/gemeente as die 'liggaam van Christus'. In Efesiërs 4 : 16 maak hy die stelling: 'Die verskillende liggaamsdele pas bymekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde'

Neem nou in die lig van hierdie standpunt stelling in ten opsigte van die volgende stellings:

4.41 Omdat die predikant in diens van God en die gemeente staan, en aangesien die Kerkraad tot besondere diens geroep is, is dit uitsluitlik hulle verantwoordelikheid om toe te sien dat die gemeente nie ten gronde gaan nie.

4.42 Beoordeel die volgende verskonings om nie in die gemeente van God dien nie volgens die aanvaarbaarheid/ onaanvaarbaarheid daarvan en gee die rede vir jou beslissing:

a. Ek het te min geld;

b. ek ken nie die mense in die gemeente nie;

c. ek is nie 'n belangrike mens nie;

d. ek woon te ver van die kerk af;

e. ek kan nie maklik met ander mense saamwerk nie;

f. ek gee dan my offergawe - wat meer moet ek doen?;

g. dit is net 'n klomp skynheiliges daar by die kerk;
h. almal in die gemeente loop en skinder;
i. dit is so dooierig in en om die kerk.

Gee ook jou mening oor die volgende stellings, en motiveer jou standpunt:

4.43 Ek sou baie graag by die gemeentelike aktiwiteite betrokke wil wees, maar ek het eenvoudig net soveel ander belangrike dinge op hierdie stadium aan die gang, dat dit vir my onmoontlik is.

4.44 Dit is nou so 'n moeilike tyd, laat ons liewer maar net die belangrikste dinge in die gemeente op hierdie stadium aan die gang hou.

4.45 Ek wil graag weet waar ek my deel in die gemeente kan doen, en sê asseblief as daar nog iets ander is waarmee ek kan help.

5

WEERSTAND VAN BINNE EN VAN BUITE

NEHEMIA 4:1 - 5:19

Die misnoeë van Sanballat en sy bondgenote met die herbou van die mure van Jerusalem gaan nou oor in daadwerklike pogings om die werk tot stilstand te bring. In afwagting van 'n militêre aanval bewapen Nehemia die Judeërs. Die werk word onder spanningsvolle toestande voortgesit. Die probleme met die bouwerk word egter nog verder verhoog deur probleme in die geledere van die Judeërs. Nehemia bring die vooraanstaandes se uitbuiting van die armes tot 'n einde en stel self 'n voorbeeld van onbaatsugtig diens.

Wat in hierdie deel belangrik is

- Paraatheid om die Here te dien te midde van aanslae teen die kerk.
- Om te bid èn te werk.
- Eerbied vir God bring ook eerbied vir mense.
- Bouwerk aan God se kerk vra onbaatsugtige opoffering van elke lidmaat.

Naleeswerk om die gedeelte beter te verstaan

° Lees in Esra 4:1-6 van die **teenstand** wat Serubbabel ervaar het toe hy die tempel herbou het.

° Lees weer in Nehemia 2:19-20 wat **Sanballat-hulle** se reaksie op Nehemia se koms was.

° Lees oor die gebruik van die **ramshoring** in Josua 6:4-5, Rigters 3:27-28, 7:19-20, Esegiël 33:2-4.

° Lees oor kinders wat as **slawe** verkoop is om skuld te delg in Eksodus 21:7-11.

° Lees oor die **pand** wat vir skuld geneem word in Deuteronomium 24:10-13.

Juda en sy omgewing in die tyd van Nehemia



DIE WEERSTAND WAT VAN BUITE KOM

NEHEMIA 4 : 1 - 23

Wat staan daar?

5.1 Watter **twee** vyande van die Judeërs word by die naam genoem in verse 1 en 3?

5.2 Watter twee ander groepe word ook in vers 7 as teenstanders genoem ?

5.3 Wie was volgens Nehemia 2 : 19 die leier van die Arabiere?

5.4 Kyk op die kaart van Juda op die vorige bladsy waar al die vyande van Juda woonagtig was.

a. Slegs aan die noordekant
b. Alleenlik aan die weste en ooste
c. Aan die suidekant alleen
d. Reg rondom

5.5 Het Juda se vyande op hulle eie opgetree, of het hulle met mekaar saamgesweer? (vers 8).

5.6 Juda se vyande het al harder probeer om die bouwerk stop te sit. Watter stappe het hulle volgens die volgende verse gedoen?

a. Verse 1 - 4;
b. Vers 5;
c. Vers 8.

5.7 Wat was die Judeërs se aanvanklike reaksie op die aanslag van hul vyande? (vers 9).

5.8 Die vyande het in hulle poging begin slaag. Watter uitwerking het hulle poging op die Judeërs gehad? (vers 10).

5.9 Wie het die Judeërs in Jerusalem oor die teenstanders se planne ingelig?

5.10 Watter teenmaatreëls het Nehemia getref? (vers 13). Was dit suksesvol of onsuksesvol? (verse 11 en 12).

5.11 Nehemia vind dit (vers 14) nodig om 'n toespraak te hou. Noem 3 hoofpunte van sy betoog.

5.12 Wie het volgens Nehemia die aanvalsplanne op die Judeërs verydel?

5.13 Het die teenstanders daarin geslaag om die werk tot stilstand te bring?

5.14 Lees weer verse 16 tot 20. Sê in een sin hoe die Judeërs die bouwerk en beveiliging gekoördineer het.

5.15 Waarom moes die bouers ook snags beskikbaar wees? (vers 22).

5.16 Was daar vir Nehemia en sy medeamptenare enigsins sprake van 'n rustige lewe?

Hier word uitgebeeld hoe uitgebreid die aanslag op die bouwerk was. Nehemia-hulle is in staat om die pogings om die bouwerk tot stilstand te bring te fnuik omdat hulle bereid is om te bid en om met vertroue in die Here te werk. Hulle gebruik al die vernuf en al die mannekrag waaroor hulle beskik om die bouwerk voort te sit.

Wat dit beteken

5.17 Die Judeërs was besig met 'n goddelike opdrag. Dit kon by hulle die verwagting skep dat:

a. Dit voorspoedig sal gaan met die uitvoering van hulle taak;
b. daar wel teenstand sal wees;
c. God die erns van hul vertroue op Hom, sal toets.

5.18 Die aanslag van die kant van Juda se vyande was:

a. Slegs daarop ingestel op die bouwerk vir God stop te sit;
b. fyn sielkundig beplan;
c. hoofsaaklik blote dreigemente;
d. 'n aanslag van alle moontlike kante.

5.19 Die vyandelike aanslag bring die Judeërs op die punt waar hulle:

a. Dadelik wil oorgee;
b. saam met Nehemia tot God bid;
c. al die nodige dinge doen om veiligheid en voortgang van die werk aan die muur te verseker;
d. hulle steeds onthou dat daar 'n balans moet wees tussen gebed en eie inset.

5.20 Later begin die Judeërs kla oor moegheid, te veel puin wat verskuif moet word, en die skynbaar onmoontlike taak waarmee hulle besig is. Daaruit blyk dit dat:

a. Hulle fisies moeg is;
b. hulle net lui is;
c. hulle hulself deur ongelowiges (vyande) laat beïnvloed;
d. hulle geestelik uitgeput raak;

e. hulle nie meer Nehemia se leiding wil volg nie;
f. hulle geloofsvertroue begin wankel.

5.21 Die waarskuwings van volksgenote naby die vyand, wat die Judeërs in Jerusalem bereik, beteken:
a. Dat hulle reeds 'n goeie spioenasienetwerk opgebou het;
b. dat God ook op indirekte manier sorg vir die wat aan Hom gehoorsaam is;
c. dat God mense gebruik om Sy doel te bereik;
d. dat God die planne teen sy mense kan verydel.

5.22 Nehemia se reaksie in hierdie krisistyd is:
a. Hy gaan sit op 'n hopie en bejammer homself;
b. hy neem homself kwalik dat hy hom met hierdie saak bemoei het;
c. hy kom in opstand teen God;
d. hy bid saam met die Judeërs;
e. hy reël onmiddellik die noodsaaklikste verdediging;
f. hy getuig van God se grootheid en almag, ten einde die Judeërs se oë oop te maak vir die feit dat God hulle steeds help;
g. hy werk 'n uitgebreide noodplan uit, en doen al die organisasie daaraan verbonde;
h. hy en sy manne toon hulle absolute vertroue op God deur nou harder as tevore te werk;
i. hy wil bloed uit klippe tap;
j. hy wil ten alle koste voor kom dat sy persoonlike ideaal skade lei.

5.23 Wanneer die Judeërs met die een hand werk en met die ander hand die wapen vashou, 'n noodplan ontwerp en 24 uur per dag op diens bly, beteken dit dat hulle:
a. in gehoorsaamheid aan God hulle deur niks sal laat stuit nie;
b. desperaat raak;
c. meer as ooit hulle vertroue op God stel;
d. geen moeite of ongerief in hierdie geloofswerk ontsien nie;
e. steeds bereid is om meer as hulle deel te doen.

Hoe antwoord ons?

5.24 Watter afleiding kan jy uit hierdie gedeelte maak vir die verskynsel dat alles nie altyd by ons seepglad verloop nie, al is ons deur Christus kinders van God en lede van die nuwe Godsvolk gemaak en pak ons in volle vertroue op God 'n saak in die gemeente aan?

5.25 Wat is die doelwit van enige iemand binne of buite die Kerk wat ons aandag met allerlei fyn sielkundige dreigemente van die werk vir God wil aftrek?

5.26 Wat staan ons te doen wanneer ons teenstand of teenslae op die lyf loop in ons werk vir God?

5.27 Dit gebeur wel dat ons in volle vertroue op God al die regte dinge doen, maar dat ons probleme in ons werk vir God nie dan eensklaps ophou nie. So iets breek baie keer geheel en al ons moed. Watter waardevolle riglyne lê Nehemia met sy reaksie vir ons in so 'n situasie neer?

5.28 God toets dikwels die diepte en erns van ons vertroue op Hom waar ons in sy diens staan. Ervaar jy dit as neerdrukkend, of motiveer dit jou tot groter doelgerigtheid en bereidheid? Hoe sien jy dit in die lig van Nehemia 4, Jakobus 1:2-8 en 1 Petrus 1:3-9?

DIE VERYDELING VAN BINNE

NEHEMIA 5 : 1 - 19

Wat staan daar?

5.29 Party van die Judeërs het probleme in die gesig gestaar wat gekeer het dat hulle heelhartig aan die muur kon kom bou. Wat het hulle probleme veroorsaak? (verse 3 en 4).

5.30 Hoe het die Judeërs hulle probleme probeer oorkom? (verse 3 en 4)

5.31 Die Judeërs kon later nie meer hulle skuld betaal nie. Wat was die gevolg daarvan in hulle tyd? (vers 5).

5.32 Nehemia was ontsteld oor dit wat met sy volksgenote gebeur het. Watter 3 dinge doen hy om die probleme op te los? (verse 7 en 8).

5.33 Wie het volgens Nehemia die probleme van hulle arm volksgenote gaan staan en vererger?

5.34 Watter teenstrydigheid sien Nehemia in die optrede van die Judeërs raak? (vers 8).

5.35 Waarin lê die wortel van die kwaad wat die vooraanstaandes aangerig het? (vers 9).

5.36 Watter drie dinge moes die skuldiges doen om sake weer in orde te bring? (verse 10 en 11).

5.37 Wat was die vooraanstaandes se reaksie op Nehemia se opdrag? (verse 8,12,13).

5.38 Van wie moes die goewerneurs in die Persiese ryk hulle goewerneurstoelae verhaal? (vers 15).

5.39 Hoekom het Nehemia nie soos die vorige goewerneurs van Juda gemaak nie? (vers 15).

5.40 In watter opsig verskil die optrede van Nehemia van die van die vooraanstaande landsburgers en amptenare? (verse 9 en 15).

Naas die aanslag van buite, word die bouwerk ook in die wiele gery deur probleme van binne. Vooraanstaande mense wat volgens die letter van die wet optree, maar nie volgens die gees daarvan nie, maak die lewe vir hulle afhanklike volksgenote so ondraaglik dat hulle nie saam kan bou nie. Nehemia stel die voorbeeld van iemand wat nie volgens die letter van die wet optree nie, maar in die gees van eerbied vir God. Dit is die gesindheid wat nodig is om die bouwerk vir God te laat vorder.

Wat dit beteken

5.41 Van watter aard was die probleme wat die Judeërs ervaar het?

a. Ekonomies?

b. Maatskaplik?

c. Godsdienstig?

5.42 Op watter sake het die probleme wat sommige Judeërs ondervind het, 'n uitwerking gehad?

a. Persoonlike omstandighede;

b. hulle gesinslewe;
c. die orde in die gemeenskap;
d. die bouwerk aan die muur.

5.43 Uit die optrede van die vooraanstaande burgers en ampsdraers en Nehemia se reaksie daarop, blyk dit dat mense wat met God wil saamwerk se gesindheid en optrede primêr bepaal moet word deur:

a. Eie voordeel;
b. verstand;
c. gevoel;
d. geloof (eerbied vir God);
e. slegs gewete.

5.44 Enige mens, selfs ampsdraers, oortree teenoor God en hul naaste. Wanneer dit gebeur moet sulke verkeerde dade soos volg hanteer word:

a. Oorweeg die saak baie goed ten einde werklike probleem te bepaal;
b. Bly stil as oortreders invloedryk en vermoënd is;
c. Maak asof niks verkeerd gegaan het nie;
d. Praat met hulle;
e. Sien toe dat fout herstel word;
f. Ignoreer enige verwysing daarna;
g. Erken die oortreding en beplan regstellende aksies;
h. Voer regstellende aksies uit;
i. Probeer verkeerde dinge verbloem, deur te maak asof een regte ding (soos bv. wanneer die betrokke Judeërs wel help bou aan die muur) opmaak vir alle ander dinge wat nie reg is nie (deur bv. 'n medemens uit te buit);
j. Maak asof optrede teenoor naaste niks met geloof te doen het nie.

5.45 Nehemia leer met sy eie gesindheid en optrede vir die Judeërs die volgende:

a. Geloof speel eers 'n rol nadat jy goed genoeg vir jouself gesorg het;
b. Geloof eis selfopoffering;
c. Eerbied vir God impliseer ook respek vir medegelowiges;
d. As jy wil skuld maak, moet jy maar die

verantwoordelikheid daarvoor dra;

e. God se werk is belangriker as enige iets anders (selfs dit waarop met reg aanspraak gemaak kan word);

f. As jy nie saamstem met wat gebeur nie, onttrek jouself;

g. Eerbied teenoor God word weerspieël deur gesindheid en dade.

Hoe antwoord ons?

5.46 Is die volgende stelling waar of nie? Hoekom sê jy so?

As gelowiges elkeen slegs sy of haar eie voordeel soek en nie op mekaar ingestel is nie, getuig dit van kwynende eerbied vir God.

a. Waar;

b. Onwaar.

5.47 Dink jy gelowiges wat onder die opdrag van God 'n bepaalde werk in die wêreld het, kan daardie werk doen sonder om na mekaar om te sien? Hoekom?

5.48 Hoe pas **geloof, gesindheid en dade** bymekaar?

5.49 Wanneer jy in die Kerk raaksien dat jou medelidmate verkeerd teenoor mekaar optree, is dit beter om jou neus daaruit te hou?

5.50 Hoekom stem jy saam/ nie saam met die volgende stellings?

a. Maandag tot Saterdag werk ek met my medemens volgens die reëls van die wêreld. Sondag is ek bereid om anders op te tree.

b. As 'n medelidmaat of ampsdraer my uit die Woord van God wys dat ek met my optrede teenoor 'n medegelowige of medemens die werk aan die Koninkryk van God skade doen, jaag ek hom weg om liewer voor sy eie deur te gaan vee.

c. My persoonlike belange tel glad nie in die kerk nie.

5.51 Wat dink jy moet ons houding wees waar ons van binne en buite die kerk met struikelblokke te doen kry?

6

DIE WERK WORD VOLTOOI

NEHEMIA 6:1 - 7:3

Soos die muur voltooiing nader, verhoog die weerstand van buite en van binne teen die bouwerk al meer. Die vyand spits hulle aanvalle op Nehemia toe en probeer hom van die werk weglok en sy leierskap onder verdenking bring. Hulle koop selfs van sy medeburgers om om Nehemia van die werk weg te rokkel. Nehemia staan egter vas en die werk aan die muur word suksesvol voltooi.

Wat in hierdie sessie van belang is

- Die aanslae op die kerk en sy lidmate hou nooit op nie.

- Die pogings om die werk van God te ondermyn is soms uiters subtiel en vol finesse.

- Die gelowige moet onkreukbaar wees in sy getrouheid aan die Here.

Naleeswerk

° Lees oor die **Onolaagte** hieronder.
° Die aanklag teen Nehemia stem ooreen met die inhoud van die **brief** wat teen Serubbabel aan koning Artasaste gestuur is. Lees hierdie brief in Esra 4:12-16.
° Die **profete** het God se seën oor die arbeid van die leiers verkondig. Lees Sagaria 4:6-10.
° Lees oor die maand Elul onder **Maande** in die Woordelys agter in die Nuwe Afrikaanse Vertaling.
° Lees oor **Ganani** in Nehemia 1:2-3.

Die Onolaagte

Dit was 'n gebied aan die punt van die Saronvlakte, teenaan die Middellandse See. Dit was die verste westelike punt van die provinsie van Juda. Verskillende teruggekeerde ballinge was daar gevestig (Esra 2:33, Nehemia 7:37, 11:35). Sanballat en Gesem wou Nehemia hierheen weglok van die werk in Jerusalem.

Wat daar staan

6.1 Hoe ver het die bouwerk aan die muur al gevorder? (6:1)

6.2 Was daar al deure in die poorte? (6:1)

6.3 Waarheen wou Sanballat en Gesem vir Nehemia weglok? (6:2)

6.4 Wat wou Sanballat en Gesem daardeur bereik?

6.5 Wat was Nehemia se antwoord, en watter redes voer hy vir sy antwoord aan?

6.6 Die inhoud van Sanballat se brief: (6:6,7)

a. Watter gerug word onder die nasies versprei?

b. Watter persoonlike voordeel sou Nehemia volgens die gerug wou trek?

c. Waarmee word Nehemia en die Judeërs aan die einde van die brief gedreig?

d. In hoeverre stem die inhoud van hierdie brief ooreen met die brief wat destyds aan Artasasta gestuur is? (Esra 4:12-16).

6.7 Wat was Nehemia se antwoord op hierdie brief? (6:8)

6.8 Wat het Nehemia gedink wou Sanballat en Gesem met hierdie set probeer bereik? (6:9)

6.9 Wat doen Nehemia aan die einde van vers 9?

6.10 Wat het die profeet Semaja gedoen, en wat was sy raad aan Nehemia? (6:10)

6.11 Hoekom het Semaja so vir Nehemia gesê? (6:12)

6.12 Wat wou Semaja bereik? (6:13)

6.13 Watter ander profeet het ook vir Nehemia probeer bangpraat? (6:14)

6.14 Wat was Nehemia se reaksie op hierdie bangmaak poging? (6:11)

6.15 In vers 14 doen Nehemia iets wat presies dieselfde is as wat aan die einde van die negende vers vertel word. Wat doen hy?

6.16 Gee die inhoud van Nehemia se woorde aan die einde van vers 9 sowel as in vers 14 in jou eie woorde weer.

6.17 Hoe lank het dit die Judeërs geneem om die muur te voltooi? (6:15)

6.18 Watter uitwerking het die sukses van die Judeërs op die omringde nasies gehad? (6:16)

6.19 Wat het die vyande van die Judeërs geweet toe die muur voltooi is? (6:16)

6.20 Wat was die verhouding van sekere van die vooraanstaande burgers met Tobija? (6:18)

6.21 Wat het Tobija deur sy familie aan Nehemia probeer doen? (6:19)

6.22 Wat het Nehemia gedoen nadat die muur voltooi is? (7:1)

6.23 Wat getuig Nehemia van Gananja? (7:2)

6.24 Watter opdrag gee Nehemia aan Ganani en Gananja? (7:3)

In hierdie episode word die tema van die vorige gedeelte weer herhaal: die bouwerk het met aansienlike teenstand gepaard gegaan. Die aanslag op Nehemia neem toe en hy moet vas staan soos nooit vantevore.

Wat dit beteken

6.25 Hoekom word hier weer, net soos in Nehemia 4, vertel van die felle teenstand wat Nehemia en die Judeërs ondervind het?

a. Dit is 'n oorbodige herhaling;
b. Nehemia het 'n fout gemaak toe hy hulle die vorige keer nie laat vermoor het nie;
c. Teenstand teen werk vir God is 'n onophoudelike aanslag wat telkens met nuwe venyn toeslaan;
d. Die vertelling wil die aanslae teen die gelowiges onderstreep;
e. Teenstand kom ook in die vorm van persoonlike aanvalle voor.

6.26 Die feit dat die poortdeure nog nie gehang was nie, beteken:

a. Dat die bouprojek nog nie afgehandel was nie;
b. dat die Judeërs poorte as onnodig beskou het;
c. dat 'n muur sonder poortdeure nutteloos was aangesien vyande nog vrye toegang tot die stad gehad het;
d. dat die vyande se laaste kans was om hierdie projek te kelder.

6.27 Sanballat, Tobija en Gesem gebruik die volgende metodes om die bouwerk tot stilstand te probeer bring:

a. Hulle trek met 'n groot leërmag teen Juda op;
b. hulle versprei gerugte vol onwaarhede;
c. hulle pleeg sabotasie;
d. hulle saai agterdog teen Nehemia;
e. hulle dring die Judese godsdiens binne deur profete om te koop en voor te sê;
f. hulle wil onder valse voorwendsels gesprek voer;
g. hulle gooi gif in Jerusalem se waterbron;
h. hulle skryf 'n oop, onverseëlde brief vol onwaarhede aan Nehemia wat deur elkeen gelees kan word;
i. hulle poog om met bangpratery Nehemia en die Judeërs se geestelike krag te tap.

6.28 Die metodes wat deur die Judeërs se vyande gevolg word, wys dat:

a. Hulle begin om belangstelling te verloor;
b. hulle enige onderduimse en agterbakse manier sal gebruik om die werk van God tot stilstand te dwing;
c. hulle besef dat hulle min tyd het;
d. hulle onprofessioneel optree en daarom geen hond haaraf kan maak nie;
e. hulle insien dat die geloof van God se mense vir hulle baie belangrik is en dat godsdienstige leiers (profete) 'n groot invloed het;
f. hulle insien dat Nehemia se persoonlikheid en karakter 'n groot rol in die voortgang van die projek speel.

6.29 Die antwoord wat Nehemia sy vyande gegee het, dui daarop dat:

a. Hy bereid was om 'n kompromie aan te gaan;
b. hy in roepingsbewustheid getrou bly aan sy opdrag en nie van koers gedwing word nie;
c. hy eintlik in sy hart kan sterf van vrees;
d. hy deur sy vyande se planne kon sien;
e. hy kon onderskei tussen 'n boodskap van God en die agterbaksheid van mense;
f. hy verward en onseker rondgegryp het;
g. hy seker was van wat gedoen moes word;
h. hy voluit vir God se saak was, en geensins eie eer nagejaag

het nie.

6.30 Nehemia wys met sy optrede dat:

a. Hy op sy eie krag en vermoëns vertrou vir sukses;
b. hy bang is vir sy vyande en lyfwagte aanstel;
c. hy voluit op God vertrou;
d. hy hom nie aan 'n profeet steur nie;
e. hy weet waar sy hulp vandaan kom;
f. hy van gebed 'n lewenswyse maak, deur telkens met God te praat.

6.31 Die bekwame spoed waarmee die bouwerk aan die muur afgehandel is, is toe te skryf aan:

a. Nehemia se besondere geaardheid;
b. die Judeërs se eie vermoë om goed onder druk te presteer;
c. ononderbroke hulp en bystand van die Here;
d. Nehemia se selfvertroue en leierseienskappe.

6.32 Die feit dat Tobija na voltooiing van die muur steeds aanhou om vir Nehemia te probeer bang praat, beteken dat:

a. Ons hier te make het met 'n blote botsing van persoonlikhede tussen Nehemia en Tobija;
b. teenstand teen die werk van God nie ophou wanneer daar met God se werk sukses behaal is nie;
c. die teenstand teen die werk van God maar net na 'n ander invalshoek verskuif.

6.33 Die feit dat die deure ook nou gehang word en dat daar poortwagte aangestel word, wys dat:

a. Werk vir God nie half voltooi gelaat moet word nie, maar enduit klaargemaak moet word;
b. Nehemia en die Judeërs eenvoudig nou eers lus en tyd gehad het om dit te doen;
c. dat waaksaamheid nooit verslap kan word nie.

6.34 Die getuigskrif wat Nehemia oor Gananja skryf, wys dat die maatstaf waarvolgens iemand beoordeel moet vir diens aan God, die volgende moet wees:

a. Goeie hoedanighede in die oë van mense;

b. iemand se posisie in die samelewing;
c. eerbied vir God;
d. iemand se besittings.

6.35 Die posisie waarin Ganani en Gananja deur Nehemia aangestel word, bring aan die lig dat:
a. Nehemia nou moeg is vir die hele storie;
b. die verantwoordelikheid en werk wat vir God gedoen word nie op een gelowige alleen se skouers hoort nie;
c. hulle die enigste ander betroubares in die omgewing was;
d. Nehemia bereid was om sy verantwoordelikhede met ander te deel.

Hoe antwoord ons?

6.36 Wanneer jy as lidmaat van jou gemeente gehelp het om 'n probleem op te los, kan jy verwag dat 'n soortgelyke probleem nie weer sal opduik nie? Motiveer jou antwoord.

6.37 Kan daar aanvalle teen ons persoonlik gerig word net omdat ons lidmate van die kerk is?

6.38 Wat behoort ons gesindheid te wees as ons agterkom dat iets daarop ingestel is om ons van God en Sy opdragte weg te trek (soos bv. 'n sportbyeenkoms wat in kerktyd gereël word) ?

6.39 Wat moet ons reaksie wees op mense wat ons intimideer of probeer forseer om ons plig by die kerk agterweë te laat, soos bv vriende wat wil kom kuier wanneer ons kerk toe moet gaan?

6.40 Wat sit daaragter as iemand 'n kerklike ampsdraer, soos byvoorbeeld die predikant van jou gemeente, afkraak en beskinder?. Waarvan is dit 'n teken, en wat sal jou houding en optrede in so 'n geval wees?

6.41 Indien jy 'n lid van die kerkraad is, en die kerkraad raak moedeloos omdat daar geen vordering gemaak word met byvoorbeeld die stigting van Bybelstudiegroepe nie, watter houding sal jy inneem?

6.42 Waar vind jy as gelowige jou krag, hoe soek jy daarna en watter invloed het dit na jou mening op jou daaglikse lewe en jou gemeentelike meelewing?

6.43 Met elke ding/saak wat ons in die Kerk van Christus aanpak, vra ons God se hulp en bystand. Wanneer dit werklik gaan om God se eer en die opbouing en uitbouing van Sy koninkryk, kan ons met reg vertrou dat God ook aan ons Sy hulp en bystand sal gee. Dink jy dat God met wonderwerke alles vir ons seepglad sal laat loop? Motiveer jou antwoord met behulp van die gebeure met Nehemia en die Judeërs.

6.44 Maak dit werklik saak of ons in die Kerk die taak wat ons het om uit te voer klaarmaak? Daar is tog baie ander gelowiges wat later 'n sukses daarvan kan maak. Motiveer jou reaksie op hierdie vraag.

6.45 Die predikant van die gemeente verdien sy brood en botter deur te sorg dat dit met alles in die gemeente goed gaan. Hy het boonop nog al wat 'n ouderling en diaken is om hom met die mooi werk by te staan. Hoekom moet ek as lidmaat dan ook nog iets doen in die kerk?

6.46 Watter kriterium dink jy is die belangrikste wanneer ons moet besluit wie in die gemeente 'n bepaalde amp moet beklee of 'n sekere taak moet uitvoer?

6.47 Bestaan daar 'n band tussen jou en die ander gemeentelede van jou eie gemeente? Indien wel, verduidelik hoe jy die band sien. Indien nie, sê of jy dink so 'n band nodig of onnodig is.

7

TERUGBLIK

NEHEMIA 7:4 - 72

Die muur om Jerusalem is herbou en die tyd het gekom om ook aan die lede van die gemeenskap aandag te gee. Nehemia stel 'n familieregister saam. Hy skryf daarin die name op van almal wat uit die ballingskap teruggekeer het.

Wat hier van belang is

- In die kerk moet daar goeie orde en deeglike organisasie wees.
- Die kerk moet uit sy verlede leer hoe om die toekoms aan te pak.

Naleeswerk

° Lees en **vergelyk** Esra 2:1-67 met Nehemia 7:6-69.

° Lees oor die **Urrim en Tummim** in die Woordelys agter in die Nuwe Afrikaanse Vertaling.

° Lees in 1 Kronieke 29:6-9 oor die **skenkings** vir die bou van die eerste tempel en vergelyk dit met Nehemia 7:70-72.

Wat staan daar?

7.1 Wat was die besluit wat God Nehemia laat neem het? (vers 5).

7.2 Watter mense se name was in die register wat Nehemia in die hande gekry het, opgeneem? (vers 5)

7.3 Stem die familieregister in Nehemia 7:6-69 honderd persent ooreen met die register in Esra 2;1-67?

7.4 Volgens watter kategorieë was die mense in daardie register ingedeel? (verse 8, 24, 39, 43, 46, 57, 61, 63-64).

7.5 Hoe moes daar beslis word oor priesters wat nie in die registers opgeneem was nie? (vers 65)

7.6 Die mense se hande was oop vir die werk wat nou voorgelê het.

Wie het almal offergawes in die werkfonds gestort? (verse 70-72)

7.7 Waaruit het die bydraes bestaan? Noem elke dinge wat gegee word net een keer.

7.8 Hoekom is daar priesterklere geskenk?

7.9 Hoekom gryp die vertelling in die geskiedenis terug na die bou van die eerste tempel en die eerste lys van ballinge wat teruggekeer het?

Die voltooiing van die muur word geskilder as die afhandeling van 'n opdrag wat gegee is toe die eerste ballinge na Jerusalem teruggekeer het. Sesbassar het die fondament herstel. Serubbabel het die tempel herbou. Esra het die wet van God in ere herstel. Nehemia het die stad se muur herbou.

Wat dit beteken

7.10 Die register wat Nehemia nou in opdrag van God moet opstel, wys dat:

a. Nehemia na iets nuuts gesoek het om te doen;

b. Nehemia die getalle sterkte van die Judeërs wou bepaal ten einde te bepaal of hy 'n opstand kan organiseer;

c. dat elkeen wat gehelp het om die mure van Jerusalem te herstel, as belangrik geag word;

d. begin word met 'n administrasiestelsel sodat die grense van God se volk duidelik getrek kan word;

e. die bouwerk meer omvat as net klippe en 'n muur wat opgebou moet word.

7.11 Volgens Nehemia 3 se werkregister werk die Judeërs in groepe en families saam. Die oorspronklike register wat Nehemia hier in hoofstuk 7 as vertrekpunt vir die nuwer register gebruik, groepeer die Judeërs ook in bepaalde groepe of kategorieë. Dit beteken dat:

a. Nehemia nie in staat was om sy eie plan van administrasie uit te werk nie;

b. God wel met mense as individue werk, maar binne die verbintenisse van hulle families en volgens die ampte waaruit sy volk saamgestel is;

c. dit die volk van God as geheel is, met al sy vertakkings, wat geroep word om aan God se bouwerk mee te doen.

My God het my die besluit laat neem om die vooraanstaande burgers, die amptenare en die ander mense te laat bymekaar kom vir opname in die familieregisters. (Nehemia 7:5)

7.12 Die offergawes wat die mense gegee het, was:

a. Uit dankbaarheid vir die feit dat Nehemia nou nie verder aanspraak op hulle tyd en kragte kon maak nie;

b. omdat hierdie mense besef het dat die voltooiing van die bouwerk geen eindpunt was nie, maar dat die ruimte vir getroue geloofsbeoefening nou pas geskep is en daar nog verder gewerk moet word.

7.13 Deur sy volk in ballingskap te laat wegvoer, wou God hierdie volk van hom tot inkeer bring. Nou is hulle terug en die tempel sowel as die mure van Jerusalem is herbou. Dit maak duidelik dat:

a. God bereid is om met hulle 'n nuwe begin te maak;

b. die register wat Nehemia in hierdie hoofstuk opstel, 'n register van begenadigdes is;

c. dit deel van God se aard is om mense sonder enige verdienste van hulle kant in sy werk te betrek en met hulle van vooraf te begin.

Ons antwoord

7.14 As Nehemia die mense wat in Jerusalem woon nadat die muur voltooi is, in verband bring met die heel eerste ballinge wat na Jerusalem teruggekeer het om die tempel te herbou, watter betekenis het dit vir ons ten opsigte van die wat voor ons in die kerk geleef en gewerk het?

7.15 Hoekom is dit nodig dat ons die geskiedenis van die kerk, ook die van ons eie Kerk en ons gemeente, in ag moet neem?

7.16 Wanneer sal ons verkeerd voortbou op die werk van ons voorgangers, volgens 1 Kor 3:10-15?

7.17 Op grond van wat in Nehemia 7 oor bydraes geskryf staan, wat dink jy is die hoof rede waarom ons offergawes moet gee?

7.18 Watter soort bemoediging gee die gebeure tussen God en Sy volk (Nehemia en die Judeërs) jou as moderne gelowige mens?

8

ONS SAL DIE WET ONDERHOU

NEHEMIA 7:72-10:39

Die volk kom by verskillende geleenthede byeen. Elke keer word die wet van die Here gelees. Hulle voer die opdragte wat in die wet staan uit, deur 'n feesdag aan God te wy, die huttefees te vier, 'n dag van verootmoediging te hou en ook 'n plegtige seremonie waarby hulle skriftelik onderneem om die diens by die tempel in stand te hou.

Wat van belang is

- Die byeenkoms van die gemeente is 'n belangrike deel van die bouwerk van God se kerk.

- Die Woord van God staan in die sentrum van die kerklike byeenkomste.

- Die gemeente se bymekaarkoms is die gehoorsame antwoord op God se bevel.

Naleeswerk

* Kyk op die kaart op bladsy 20 waar die **Waterpoort** is.
* Lees wie **Esra** is in Esra 7:1-10.
* Lees oor die **wet van die Here** in die Woordelys agter in die Nuwe Afrikaanse Vertaling.
* Lees oor die **Leviete** in die Woordelys agter in die Nuwe Afrikaanse Vertaling.
* Lees oor die gebruik om **eetgoed** vir mekaar te stuur op die feesdag in Ester 9:19 en 22.
* Lees oor die **Huttefees** onder **Feeste** in die Woordelys agter in die Nuwe Afrikaanse Vertaling.

• Lees oor die **vasdag** en die Huttefees in Levitikus 23:26-36.
• Lees oor **rougebruike** in ou Israel in die Woordelys agter in die Nuwe Afrikaanse Vertaling.
• Lees die **gedigte** oor Israel se geskiedenis in Psalms 78, 105 en 106.
• Lees hoe 'n dokument verseël is met 'n **Seëlring** in die Woordelys agter in die Nuwe Afrikaanse Vertaling.

Aanbeveling:
Aangesien hierdie 'n baie lang gedeelte is, kan dit bes moontlik in twee sessies verdeel word om in die eerste sessie al die werk oor die feesdag en die huttefees en in die ander sessie al die werk oor die dag van verootmoediging en die plegtige onderneming te doen.

Wat daar staan

Die feesdag wat aan God gewy is

8.1 Waar het die Judeërs hulle gevestig? (7:73)
8.2 Wie het almal op die plein voor die Waterpoort bymekaar gekom en wat was hulle versoek? (8:2)
8.3 Wie was Esra? (8:2 en Esra 7:1-10)
8.4 Hoeveel keer word in hoofstuk 8 herhaal dat die mense die wet van God verstaan het? (8:3, 4, 9, 13)
8.5 Wat het Esra gedoen? (8:3 en 4)
8.6 Wat het die gemeente gedoen toe Esra die wetboek oopmaak? (8:6)
8.7 Hoe het Esra en die gemeente hulleself voorberei om die Woord van God aan te hoor? (8:7)
8.8 Wat het die Leviete gedoen? (8:8 en 9)
8.9 Wat was die gemeente se reaksie op die wet wat vir hulle voorgelees en verduidelik is? (8:10)
8.10 Waarom het die gemeente treurig geword toe hulle die wet van God hoor? (8:10)
8.11 Hoe kon hulle hulle trane in vreugde verander? (8:10 en 11)
8.12 Hoe het die gemeente gereageer op Nehemia en die Leviete se bemoedigende woorde? (8:13)

Die Huttefees

8.13 Wie het almal die inhoud van die wet bestudeer? (8;14)
8.14 Watter fees moes in die sewende maand gevier word en hoe moes die fees gevier word? (8:15-18)
8.15 Op watter dag moes die Huttefees begin? (Levitikus 23:34)
8.16 Wie het almal aan die fees deelgeneem? (8:18)
8.17 Wat het hulle elke dag van die fees gedoen? (8:19)
8.18 Wat gebeur op die agtste dag van die fees? (8:19)

Die vasdag

8.19 Hoe was die Judeërs aangetrek toe hulle vir die vasdag bymekaar gekom het? (9:1)
8.20 By watter geleentheid het mense in daardie tyd gevas? (9:1)
8.21 Waarvan het hulle belydenis gedoen op die vasdag? (9:2)
8.22 Hoe lank is daar uit die wetboek voorgelees en hoe lank het hulle belydenis gedoen? (9:3)
8.23 Wat het die volk onder leiding van die Leviete gedoen? (9:5)
8:24 Sê in jou eie woorde wat in die volgende verse bely word:
a. Vers 6
b. Verse 7-8
c. Verse 9-11
d. Verse 12-15
e. Verse 16-17
f. Verse 17-25
g. Verse 26-29
h. Verse 30-31
i. Verse 32-35
j. Verse 36-37
8.25 Skryf by elke gedeelte neer wat **God** vir Israel gedoen het:
a. Vers 7
b. Vers 8
c. Verse 9 & 10
d. Vers 12
f. Verse 13 & 14
g. Vers 15
h. Vers 23
i. Vers 27

j. Vers 33

8.26 Skryf nou neer wat **Israel** gedoen het:

a. Vers 16
b. Vers 17
c. Vers 26
d. Vers 29 (laaste sin)
e. Vers 34
f. Vers 35

8.27 Waarom is hulle nog slawe in hulle eie land? (9:36-37)

Die skriftelike onderneming

8.28 Wat is die betekenis daarvan as 'n dokument verseël is?

8.29 Uit watter groepe was die mense afkomstig wat almal die onderneming onderteken het? (9:38, 10:1, 8, 9, 14)

8.30 Wie almal het by die ampsdraers aangesluit en ook die eed afgelê dát hulle volgens die wet sal lewe? (10:28 en 29)

8.31 Wat belowe die ondertekenaars van die onderneming? (.10:29)

8.32 Watter ses dinge beloof hulle dat hulle sal doen?

a. 10:30
b. 10:31
c. 10:32-33
d. 10:34
e. 10:35
f. 10:39

8.33 Hoe word die onderneming in die laaste sin van vers 39 saamgevat?

> In hierdie episode word daar oor vier byeenkomste berig wat plaasgevind het. Die rol van die wet van God en die lewendige deelname van die volk aan die gebeure word op die voorgrond gestel.

Wat dit beteken

Die feesdag wat aan God gewy is

8.34 Noudat die muur voltooi is, kom die Judeërs bymekaar en besluit om:

a. Hulle huise te gaan klaar bou;
b. dat 'n feesdag afgekondig moet word ter herdenking van

die voltooiing van die stadsmuur;

c. dat die wetboek van Moses gebring moet word en daaruit voorgelees moet word.

8.35 Dat die volk begerig was om die Woord van die Here te hoor, blyk daaruit dat:

a. Daar van ligdag tot die middel van die dag voorgelees is uit die wetboek;

b. mans, vrouens en al wat kon verstaan geluister het;

c. almal aantekeninge gemaak het van wat gelees is;

d. die aandag van die hele gemeente by die wetboek was.

8.36 Toe Esra die wetboek oopgemaak het, het die gemeente God saam met hom geprys. Daarna het hulle gekniel en diep voor die Here gebuig. Terwyl die wet aan hulle verduidelik is, het hulle bly staan. Al hierdie dinge is 'n teken daarvan dat:

a. Hulle reg gestaan het om te gaan doen wat in die wet staan;

b. hulle eerbied vir God gehad het;

c. hulle gedink het dit die regte manier was waarop God gedien moet word.

8.37 Die Leviete het uit die wetboek gelees, dit uitgelê en toegepas. So het hulle die volk vertroos. Dit beteken dat hulle:

a. Die enigste was wat kon lees;

b. 'n bepaalde amp beklee het en dat dit dus deel van hulle werk was om al hierdie dinge te doen;

c. dit belangrik was dat die volk nie net die wet moes hoor nie, maar dit ook verstaan.

8.38 Die volk het by die aanhoor van die wet begin huil. Dit beteken:

a. Die Leviete hartroerend kon preek;

b. hulle tyding ontvang het van Tobija se afsterwe;

c. hulle hulle eie sonde voor God besef het, en daarom in diepe berou en ootmoed voor Hom staan.

8.39 Nehemia en die Leviete vertroos die volk. Die volk se berou was duidelik. Die volk moenie verder huil nie, maar net vreugde

feesvier. Nehemia en die Leviete verkondig dus aan die volk:

a. Dat hulle sonde voor God darem nie so erg is nie;
b. dat God op grond van opregte berou vergewe;
c. dat die vreugde van die fees hulle sal help om van hulle skuld gevoelens ontslae te raak;
d. dat vergewing deur God blydskap by sy kinders behoort te skep;
e. dat toewyding aan die Here vreugde by 'n mens bring.

8.40 Die besef dat God hul sondes vergewe, het die volgende reaksie by hulle teweeggebring:

a. Hulle was oorstelp van blydskap;
b. daar was groot dankbaarheid in hulle harte;
c. hulle het in nederigheid God se goedheid erken;
d. hulle het gedink hulle kan nou doen net wat hulle wil.

8.41 Hulle het lekkernye uitgedeel omdat:

a. Dit soos Kersfees was;
b. hulle baie bly was;
c. hulle welwillendheid aan mekaar wou bewys;
d. hulle wou sorg dat almal aan die fees deelneem.

Die Huttefees

8.42 Die Huttefees was 'n herinnering aan:

a. Die warm dae wat die Israeliete in die wildernis deurgebring het;
b. die tog deur die wildernis saam met Moses;
c. die graan- en druiweoes wat verby is;
d. die genade wat die Here aan sy mense bewys het.

8.43 Die mense wat uit die ballingskap teruggekeer het, het die Huttefees gevier omdat:

a. Dit God se opdrag was;
b. hulle hulleself met Israel wat uit Egipte getrek het, geïdentifiseer het;
c. dit 'n aangename geleentheid was om te ontspan;
d. Esra gesê het hulle dit moes doen.

8.44 Hulle het elke dag van die fees uit die wetboek voorgelees, omdat:

a. Dit fatsoenlik is om 'n byeenkoms met Skriflesing te open;
b. hulle in die wet na voorskrifte gesoek het om die fees te vier;
c. dit hulle gewoonte was om gereeld uit die Skrif te lees;
d. die Huttefees 'n fees was wat aan God en sy wet toegewy was.

Die dag van verootmoediging

8.45 Die Judeërs het op die vasdag rouklere aangehad, omdat:
a. Hulle ook met die uiterlike wou toon dat hulle jammer is oor hulle sondes;
b. dit die voorskrif van die wet was om dit so te doen;
c. Esra (Esra 9:3-5) en Nehemia (Nehemia 1:4) dit ook gedoen het;
d. dit vir hulle 'n sakrament was.

8.46 Om tot besef van sonde en skuld te kom, was dit:
a. Nie nodig om die wetboek te lees nie;
b. nodig om die wetboek te lees;
c. nodig om baie langer uit die wetboek te lees;
d. nie nodig om so lank en uitvoerig belydenis te doen nie.

8.47 Skuldbelydenis van die sonde van Israel kom ook voor in:
a. Psalm 78;
b. Psalm 105;
c. Psalm 106.

8.48 Die Judeërs is nog steeds slawe in hulle land omdat:
a. Hulle nie alles doen wat God hulle in sy Woord opgedra het nie;
b. Jerusalem se verdediging nog nie voldoende opgeknap is nie;
c. daar nog steeds spore van ongehoorsaamheid by hulle te sien was.

Die Onderneming

8.49 Op hierdie stadium was beide die tempel en die stadsmuur voltooi. Het dit beteken dat die diens aan God outomaties ook weer reg gefunksioneer het? Motiveer jou antwoord.

8.50 Dit was slegs die godsdienstige leiers en die volksleiers se plig om hierdie eed af te lê en die onderneming te maak. Waar of vals? Motiveer jou antwoord.

8.51 In daardie tyd is slegs die seuntjies besny as teken van die verbond. Dit het beteken dat verbondsluiting met God 'n saak was wat deur mans alleen hanteer moes word. Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord op grond van vers 28.

8.52 Om gehoorsaam aan die Here te leef, beteken die volgende:

a. Om volgens al sy gebooie en voorskrifte te leef;
b. om net volgens die voorskrifte te leef wat vir my uitvoerbaar lyk;
c. om met die wil van God op elke terrein van die alledaagse lewe rekening te hou.

8.53 Die ondernemings ten opsigte van die tempeldiens raak verskeie vlakke van geloofsuitlewing aan. Watter van die volgende is na jou mening van toepassing?

a. Om een dag per week af te sonder uitsluitlik vir die diens aan God;
b. om die noodsaaklike take rakende die tempeldiens liewer in die hande van die ampsdraers te laat;
c. om wat nodig is om die tempeldiens aan die gang te kry en in stand te hou as norm te gebruik by die bepaling van wat as offergawe gegee moet word;
d. dat elke lid van die volk vir homself kon besluit of hy slegs die eersteling offers, of slegs sy tiende, of albei wou gee;
e. dat die lede van die volk persoonlik sekere van hulle offers self na die tempel moes bring;
f. dat die lede van die volk die godsdienstige feesdae persoonlik sou bywoon en die nodige offers daarvoor saambring;
g. dat die Leviete behulpsaam sal wees om die mense wat op verafgeleë plekke woon, se offergawes na die tempel te help bring.

8.54 Was dit die Leviete se eintlike werk om offergawes te loop en bymekaarmaak, of was dit 'n bykomende verantwoordelikheid wat

hulle in die gees van die onderneming van die volk, op hulleself geneem het as bewys van hulle opregte en goeie gesindheid?

8.55 Lees Levitikus 7 : 6 - 9, en sê of jy dink dat die offers wat hier in Nehemia 10 na die tempel gebring moes word, ook moes dien om die ampsdraers wat by die tempel gewerk het van 'n lewenstog te voorsien? Motiveer jou antwoord.

8.56 Die feit dat daar offergawes (geld, voedsel, wyn ens.) in die voorraadkamers gestoor is, beteken dat:

a. Dit daar moes bly lê vir noodgevalle;
b. dit aangewend moes word om diens aan God te lewer;
c. die sangers, poortwagters, priesters, Leviete en tempelslawe daarvan kon gebruik om aan die lewe te bly.

8.57 Moes die Judeërs nie eers hulle huise gaan klaar bou en eers hulle persoonlike sake afhandel voor hulle met die kerkwerk begin het nie? Hoekom sê jy so?

Ons antwoord

8.58 Die effektiwiteit van die erediens hang af van hoe gerieflik dit in die kerk is. Stem jy hiermee saam?

8.59 Hoeveel maniere word daar vir jou in die kerk gebied om op God se Woord te antwoord en jou eerbied vir God te kan wys?

8.60 Hoekom word die Wet van God in die erediens voorgelees?

8.61 Hoekom gaan skuldbelydenis en geloofsbelydenis altyd met die Wet saam?

8.62 Die Judeërs het verskillende pogings aangewend om meer van die Wet te wete te kom, en ook hulle kennis prakties te gaan uitleef. Maak 'n lys van maniere wat ons tot ons beskikking het om ons kennis van die Woord uit te bou.

8.63 Hoekom is selfondersoek en selfkennis in ons verhouding met God belangrik?

8.64 Hoekom moet ons baie van God se liefde, sy genade en sy barmhartigheid weet?

8.65 Ware verootmoediging beteken <u>slegs</u> dat jy nederig en afhanklik voor God moet gaan staan. Insig in God se liefde het niks met verootmoediging te doen nie. Hoekom is hierdie stelling net nie waar nie?

8.66 As jy jou sonde voor God besef, is dit genoeg - jy hoef dit nie in gebed ook nog te gaan bely nie. God weet tog in elk geval dat jy dit nou besef. Is dit so of nie? Hoekom?

8.67 Kan ons sê dat dinge soos Bybelstudie en huisgodsdiens te tydrowend en meestal prakties onuitvoerbaar is in die besige tyd waarin ons lewe?

8.68 Dink jy dat God met ons ook 'n nuwe begin kan maak? Motiveer.

8.69 Watter rol behoort Kersfees en Paasfees in ons kerklike aktiwiteite te speel?

8.70 Waar dink jy lê die fout wanneer ons eredienste en kerklike feeste saai voorkom en swak ondersteun word? Lê die fout by God of lê dit opgesluit in die gesindhede van mense? Verduidelik jou antwoord.

8.71 Ons gebruike verskil van die gebruike in die tyd van Nehemia. As ons ons voor God wil verootmoedig en opnuut aan God wil toewy, hoe sal ons dit doen en waarvan sal ons gebruik maak?

8.72 Is dit net die predikant en die kerkraad se verantwoordelikheid om te sorg dat die gemeente op geen manier agteruit gaan nie? Hoekom?

8.73 Die besluit oor maandelikse offergawe berus by die lidmate. Dit is hulle saak om daaroor te besluit. Hulle hoef niemand daaroor te raadpleeg nie. Is dit so? Hoekom?

8.74 Gee 'n lidmaat eers offergawe nadat hy/sy belydenis van geloof

afgelê het?

8.75 Is dit in ons tyd prakties uitvoerbaar om een dag per week volledig vir ons diens aan die Here af te staan?

8.76 Is ek vir ten minste dertig dae klaar met die kerk wanneer ek aan die einde van die maand my offergawe vir die kerk gegee het?

8.77 Is dit nou maar die kerk se probleem as die diaken dalk 'n maand oorslaan om te kollekteer? Ek spaar darem daardeur 'n paar Rand.

8.78 By die aflegging van Openbare Geloofsbelydenis word drie vrae gevra in die Nederduitsch Hervormde Kerk. Die eerste twee handel oor ons geloof in die Drie-enige God. Die derde vraag is: "Belowe u om uself diensbaar te maak en na die beste van u vermoë en met toewyding die groei en vooruitgang van die Nederduitsch Hervormde Kerk, en so van die een heilige algemene Christelike kerk, te bevorder?" Kan jy met die volgende stelling saamstem? 'Ek het nog nooit en sal ook nooit deel hê aan enige eed/onderneming rakende die onderhouding van die diens aan die Here nie. As die kerkraad allerlei brawe besluite daaroor wil neem, moet hulle seker ook weet dat hulle dit self sal moet uitvoer.

8.79 Die standpunt van die kerk dat predikante so deur hulle gemeentes versorg moet word, dat hulle al hulle aandag aan die evangelie kan wy en nie nog bekommernis op stoflike gebied moet hê nie, is nie meer vandag aanvaarbaar nie. Wat is 'n predikant nou beter as ander? Kies kant in hierdie debat.

8.80 Is die Ou-Testamentiese wette van God, sowel as die bepalings te opsigte van offergawes en die aanwending daarvan, nog op Christene van toepassing vandag? Hoekom sê jy so?

8.81 Ek kan kerk toe gaan net wanneer ek lus het, en as godsdienstige vakansiedae gedurende skoolvakansies of langnaweke val, moet ek in verantwoordelikheid en vanweë werksdruk as eerste prioriteit die ontspanning van myself en my gesin stel. Dit is jammer dat dit elke jaar ongelukkig so werk, maar wat kan ek doen? Is dit soos jy oor die saak voel?

9

EENHEID EN KONTINUÏTEIT IN DIE GELOOFSGEMEENSKAP

NEHEMIA 11:1-12:26

Om die tempel en muur van Jerusalem te herbou was nie die werk van net een of slegs net 'n paar mense nie. Individue, groepe en verskillende geslagte van mense het daaraan meegewerk. Hulle almal word in onderlinge eenheid saamgebind deur toewyding aan dieselfde bouwerk en een gemeenskaplike gehoorsaamheid aan die opdrag van God om sy Huis te bou.

Wat hier van belang is

Die eenheid van die kerk is 'n eenheid in die diens aan God en die gehoorsaamheid aan sy Woord.

Om te gaan oplees

° Lees oor die **Leviete** en die Priester in die Woordelys agter in die Nuwe Afrikaanse Vertaling.

° Lees meer oor die **poortwagte** in 1 Kronieke 26:12-19.

° Lees oor die koninklike opdrag rakende die **sangers** in 1 Kronieke 25:1-31.

° Kyk op die **kaart** hieronder waar die nedersettings buite Jerusalem geleë was.


Jordaanrivier
Soutsee
Jerigo
Mikmas
Bet-El
Aja
Geba
Anatot
Nob
Ananeja
Jerusalem
(Hinnomdal)
Rama
Gasor
Sora
Jarmut
Sanoag
Aseka
Adullam
Lakis
Kirjat-Arba
Dimona
Jesua
Kabseël
Molada
Beerseba
Bet-Pelet
Gasar-Sual
En-Rimmon
Siklag
Mekona
Ono
Seboim
Neballat
Gadid
Lod
Gittajim

Wat staan daar?

9.1 Watter mense het in Jerusalem gewoon? (11:1)

9.2 Hoe word daar besluit wie in Jerusalem moet woon?

9.3 Wat was die gevoel teenoor die wat vrywillig in Jerusalem gaan woon het? (11:2)

9.4 Hoekom was dit nodig om mense aan te moedig om in Jerusalem te gaan woon? (7:4).

9.5 Wat het die doelbewuste poging om mense in Jerusalem te laat woon met die onderneming wat gemaak is om die huis van God nie te verwaarloos nie, te doen? (10:39 en 11:2).

9.6 Van die twaalf stamme van Israel lees ons van drie stamme se nakomelinge wat hulle weer in Jerusalem en Juda gevestig het. Watter stamme was dit?

9.7 Hoekom het die mense nie in Jerusalem gewoon nie? (11:2)

9.8 Noem die take wat aan sommige mense opgedra is in die volgende verse:

a. Vers 9,
b. Vers 12,
c. Vers 16,
d. Vers 17,
e. Vers 19,
f. Vers 24.

9.9 Wat word Jerusalem in verse 1 en 18 genoem?

9.10 Hoe het die sangers elke dag geweet wat om te doen en wat gesing moet word? (11:22-23)

9.11 Waaruit het sommige van die mense wat in die nedersettings buite Jerusalem gewoon het hulle bestaan gemaak? (11:30)

9.12 Hoeveel mense het volgens die lys in Nehemia 11 in Jerusalem gewoon?

9.13 Volgens watter maatstaf is die twee naamlyste in Nehemia 11:1-24 en 11:25-36 opgestel?

9.14 In wie se tyd het Jesua na Jerusalem teruggekeer? (12:1)

9.15 Was Jesua 'n priester of was hy 'n Leviet? (12:8)

9.16 Watter priester se naam kom in beide priesterlyste in Esra 2:36-39 en Nehemia 12:1-7 voor?

9.17 Watter twee name kom in beide die Levietelyste voor in Esra 2:40 en Nehemia 12:8?

9:18 Wie was Jesua se seun?

9.19 In watter verse van Nehemia 12 word lyste van priesterhoofde uit Jojakim se tyd aangegee?

9.20 Wat was die Leviete se werk volgens 12:8 en 12:24?

9.21 Volgens watter maatstaf is die lyste van priesters en Leviete in Nehemia 12:1-26 saamgestel?

Die lyste van name in hierdie afdeling is volgens geografiese en genealogiese maatstawwe opgestel. Daar het nie net mense van oor die hele Juda aan die bouwerk in Jerusalem deelgeneem nie, maar ook mense uit al die geslagte vanaf Serubbabel se tyd tot in die tyd van Esra en Nehemia. Die hele volk van God is by hierdie groot bouwerk aan sy kerk betrokke.

Wat beteken dit?

9.22 Die leiers van die volk woon in Jerusalem omdat:

a. Hulle daar in die grootste gerief en weelde kon leef;

b. dit die hoofstad van Juda was en hulle hulle administratiewe take hier die beste kon verrig;

c. die tempel in Jerusalem was en die godsdienstige gebruike en rituele daar plaasgevind het;

d. hulle die voorbeeld vir ander gestel het deur eerste daar hulle woning te maak.

9.23 Dat daar geloot moes word wie in Jerusalem moet woon, toon dat:

a. Omstandighede so was dat mense opgesien het om daar te woon en dit nie uit eie keuse wou doen nie;

b. dobbel reeds 'n eeu oue probleem is;

c. diegene op wie die lot geval het, dit verstaan as verkiesing deur God self en daarom tevrede en met blydskap die lot aanvaar;

d. daar van die oorspronklike inwoners van Jerusalem daar baie min mense uit die ballingskap teruggekeer het;

e. die meeste mense wat teruggekeer het oorspronklik van buite Jerusalem afkomstig was.

9.24 Jerusalem word 'die heilige stad' genoem. Dit dui daarop dat:

a. Die tempel in die stad was - God self was daar teenwoordig;
b. godsdienstige gebruike en rituele hier plaasgevind het;
c. die stad volgens die Sionstradisie God se ewige woonplek was.

9.25 Nege uit tien mense het in die platteland buite Jerusalem gewoon. Dit wys dat:

a. Nehemia geweet het dat Jerusalem ook van die boerderye afhanklik was vir voortbestaan;
b. Judeërs oorspronklik versprei was oor die hele gebied van Juda;
c. dit makliker was om 'n bestaan te kon maak in die platteland as in die stad.

9.26 Hier word verwys na mense wat in bevel was, na mense wat hoofde was, na ander wat wag gehou het en na "dapper manne". Dit toon aan dat:

a. Mense in die stad nodig was vir die beskerming daarvan;
b. ook die tempel vir sy skatte en heiligheid opgepas moes word;
c. die Judeërs begin mobiliseer het vir 'n opstand.

9.27 Daar word verwys na diensbeurte van priesters en werk buite die tempel waaroor die Leviete moes toesig hou. Hierdie dinge impliseer dat:

a. Die werk in die tempel deurlopend moes geskied;
b. mense moes toesien dat die tempel in stand gehou word;
c. mense nog altyd lui was en gekontroleer moet word, selfs rondom werk wat direk vir die Here gedoen word;
d. gelowiges mekaar nodig het om die werk van die Here goed en reg te laat geskied.

9.28 Sang het 'n belangrike deel uitgemaak van die diens by die tempel. Daarom het sangers ook 'n groot rol gespeel in die erediens. Dit beteken dat:

a. Werk vir die Here, selfs sang in die erediens, ordelik moet geskied;

b. aanbidding van die Here te belangrik is om sonder beplanning plaas te vind.

c. sang nie iets is wat die gelowige in sy aanbidding tot God mag afskeep nie.

9.29 Nadat die volk vir dekades in ballingskap geleef het, was die vestiging van elkeen op sy eie grond in sy eie stad 'n grootse en emosionele gebeure. Diegene wat geloot is om in Jerusalem te gaan woon het dus 'n groot opoffering gemaak. Hulle doen dit omdat:

a. Hulle dit as opdrag van God beskou;

b. hulle weet iemand moet daar woon om die stad te beskerm;

c. hulle bereid is om by die tempel diens te doen;

d. Hulle nie boere was nie.

. .

9.30 Die bedoeling met die lyste van priesters en Leviete in Nehemia 12:1-26 was:

a. Om die rekords volledig te maak;

b. om die lyste in Nehemia 7 aan te vul;

c. om die kontinuïteit van die werk vanaf Serubbabel tot by Nehemia aan te dui;

d. om die betrokkenheid van die hele gemeenskap by die bouwerk aan te dui.

9.31 Die bedoeling van die lyste in hierdie afdeling is:

a. Om aan te dui dat die bouwerk vir God die werk is van die hele gemeente;

b. aan te dui dat dit noodsaaklik is om gemeenteregisters op datum te hou;

c. dit belangrik is dat mense erkenning vir hulle werk moet kry.

Hoe antwoord ons?

Sê wat jy dink van die volgende stellings en motiveer dit aan die hand van Nehemia 11:1-12:26.

9.32 Die leiding wat geestelike leiers met hul optrede gee dra dikwels meer gesag as net hul woorde. Daarom is die spreekwoord "woorde wek, maar voorbeelde trek", veral op hulle van toepassing.

Die sukses van 'n projek hang volledig van sulke leiding af. (Kan jy aan 'n voorbeeld uit jou eie gemeente dink wat hierdie saak onderstreep?)

9.33 Dit is vir die gelowige 'n lewenswyse om te doen wat God van ons vra ten opsigte van ons lewe teenoor mekaar en teenoor Hom. Om God se wil te doen beteken vir die gelowige blydskap en vreugde.

9.34 Ons huise, ons grond, ons stad, ons land is dinge wat ons as gelowiges glo ons van God ontvang het. Dit kan Hy ook van ons af wegneem soos wat met Israel gebeur het. Daarom kan en mag ek nie met hierdie dinge maak soos dit my pas nie, maar is ek altyd verantwoording aan God verskuldig oor wat ek daarmee maak.

9.35 Die instandhouding van die kerklike eiendom is die verantwoordelikheid van die hele gemeente. Diegene wat die kerkgebou verlaat tydens gemeentevergaderings is skuldig teenoor God omdat hulle hul plig versuim om medeverantwoordelikheid vir die versorging van die gemeente te dra.

9.36 In die kerk word baie geleentheid geskep dat elkeen een of ander vorm van dienswerk kan verrig om ook op hierdie wyse hulle dankbaarheid en gesindheid teenoor God uit te leef. Die kerk doen egter te min/te veel om hierdie saak te bevorder. Watter besondere dienswerk sou jy graag wou doen as die geleentheid jou gegun word?

9.37 Opdragte en versoeke wat van gelowiges (ook ampsdraers, kommissies ens.) gevra word sal altyd reg en goed gedoen word en hoef nie gekontroleer te word nie, want dit doen hulle asof hulle dit vir God self doen.

9.38 Gelowiges het mekaar nodig om staande te bly in die geloof.

9.39 Daar is baie voorskrifte oor sang in die erediens. Dit het tot gevolg dat dit altyd sonder vreugde en sonder lus sal wees. Geen lofprysing kan werklik plaasvind nie, want ons Psalms en Gesange sing te moeilik en vele van die wysies is onsingbaar.

9.40 Aanbidding van die Here is te belangrik dat dit sonder beplanning kan geskied. Daarom moet die predikant deeglik voorberei, ook ten opsigte van die sang en gebede in die erediens.

9.41 Die Kerk moet nie net altyd by die bestaande Gesange en erediensvorms hou nie, maar moet met nuwe vorms eksperimenteer.

9.42 Daar kan net werklik eenheid in die kerk wees as al die kerke saamsmelt en een groot organisasie word.

10

DIE INWYDING VAN DIE MUUR

NEHEMIA 12:27 - 13:3

Die muur van Jerusalem word ingewy tydens 'n plegtigheid wat in baie opsigte ooreenstem met die geleenthede toe die fondamente van die tempel gelê is en toe die tempel later ingewy is. Die hele stad en sy muur en poorte word as 'n groot ruimte in die buitelug aan God opgedra. Alles wat in hierdie heilige stad gedoen word, is tempeldiens waardeur God gedien en verheerlik word.

Wat van belang is

- Dit is nie net Sondae in die kerk waar God gedien word nie.
- Ons hele lewe is 'n lewe wat aan God toegewy is.
- Ons werk en ons ontspanning behoort daarop gerig te wees om die Here te verheerlik.
- 'n Lewe in toewyding aan God is 'n sinvolle lewe en een van vreugde en dankbaarheid.

Naleeswerk

° Lees wat die priester se reiniging beteken by **Rein** in die Woordelys agter in die Nuwe Afrikaanse Vertaling.
° Lees oor die **geleentheid** toe die fondamente van die tempel klaar gelê is in Esra 3:10-13.
° Lees oor die **inwyding** van die tempel en die paasfeesviering in Esra 6:15-22.
° Kyk op die kaart hieronder waarlangs die **optog** van leiers en die kore

beweeg het.

° Lees oor Dawid se aanwysing van die **sangers** in 1 Kronieke 16:1-43.

° Lees oor die **bepaling** rakende die Ammoniete en Moabiete in Deuteronomium 23:3-6.

Die optog na die tempel



Wat daar staan

10.1 Die Leviete is met die oog op die inwyding van die muur bymekaar gebring. Wat sou hulle taak by die inwyding wees? (12:27)

10.2 Hoe het die priesters en die Leviete die inwyding van die muur laat begin? (12:30)

10.3 Wat het die priesters en die Leviete gedoen toe hulle hulleself by die inwyding van die tempel gereinig het? (Esra 6:20)

10.4 Die verrigtinge het twee optogte ingesluit wat oor die muur in twee rigtings beweeg het. Die een groep het suid gestap en die ander noord. (Die pad van die twee optogte kan gevolg word wanneer een persoon verse 31-42 hardop lees, terwyl die ander op die kaart van Jerusalem hierbo volg.) Met watter groep het Nehemia saam geloop?

10.5 Waar het die twee optogte ontmoet? (12:40)

10.6 Waaruit het die program by die tempel bestaan?

a. Vers 41,

b. Vers 42,

c. Vers 43.

10.7 Was daar ook blydskap toe die tempel se fondament gelê is en toe die tempel ingewy is? (Esra 3:11-13, 6:16, Nehemia 12:43)

10.8 Was hulle bly sonder om 'n geluid te maak? (12:43)

10.9 Watter praktiese reëlings is daar op daardie dag getref?

a. Vers 44,

b. Vers 45a,

c. Vers 45b.

10.10 Waaruit is die Leviete en priesters versorg? (12:47)

10.11 Waaruit is daar ook op daardie dag voorgelees? (13:1)

10.12 Wat het God met die vloek van die Ammoniete en Moabiete gedoen? (10:2)

10.13 Wie moes van Israel afskei? (10:3)

Die inwyding van die muur is 'n vreugdevolle plegtigheid. Die vertelling beklemtoon die ooreenkoms met die inwyding van die fondament en die herboude tempel. Die muur is ook deel van die Huis van God wat gebou moes word.

Wat beteken dit?

10.14 Die inwyding van die muur was die afronding van:

a. 'n Relatief klein projek wat met bekwame spoed afgehandel is;

b. 'n geweldige poging van ernstige gelowiges wat vir die duur van drie geslagte eers aan die tempel en later aan die muur gebou het terwyl hulle uitgesien het na hierdie dag.

10.15 Die groot moeite wat gedoen is om die Leviete bymekaar te bring, beteken dat:

a. Die Israeliete 'n vrolike klompie was wat van raserige feeste gehou het;

b. dit die werk van die Leviete was om God met sang en musiek te loof en te dank;

c. die Leviete nie belang gestel het nie en daarom die land vol getoer het;

d. die volk op hierdie dag al die lof en die eer op luisterryke manier aan die Here wou toebring.

10.16 Die reinigingsrites wat die priesters en die Leviete aan die begin van die inwyding uitgevoer het, het beteken dat:

a. Die inwyding van die muur vir hulle geloofsbetekenis gehad het;

b. daar nog baie bourommel rondgelê het;

c. die herboude mure spreek van die troue sorg en hulp van God;

d. niemand nog kans gehad het om te was nadat die bouwerk afgehandel is nie.

10.17 Die hele seremonie tydens die inwyding was bedoel om:

a. Mense te beïndruk;

b. al die eer aan God te gee;

c. alle betrokkenes (ook vrouens en kinders) aan die vreugde te laat deel kry;

d. uitdrukking te gee aan opregte geloofsblydskap;

e. vinnig afgehandel te word sodat met die alledaagse pligte voortgegaan kan word;

f. God te loof met alles wat hulle in hulle en tot hulle beskikking gehad het.

10.18 Toe die inwyding van die mure verby was, kon die mense van Juda en Jerusalem:

a. Uiteindelik heerlik ontspan;
b. in die laaste instansie seker maak dat die tempeldiens in stand gehou en ontwikkel kan word;
c. aandag gee aan die praktiese administrasie van die offergawes wat hulle belowe het, sowel as aan die versorging van die ampsdraers.

10.19 Israel en die wat van gemengde herkoms was, moes skei omdat:

a. Die Judeërs gedink het hulle is beter as ander mense;
b. die Judeërs gehoorsaam wou wees aan die Woord van God;
c. vermenging met Moabiete en Ammoniete heidense gelowe met gevolglike ontrouheid aan God onder Israel kon laat posvat.

Wat sal ons antwoord?

Reageer op die volgende stellings en staaf jou antwoorde uit die Bybelgedeelte waarmee ons besig is.

10.20 Bouwerk aan die Kerk van Jesus Christus is 'n saak wat binne enkele maande afgehandel kan word.

10.21 Ons behoort die insette wat in die verlede gelewer is te waardeer as voorbereiding van die bouwerk waarmee ons tans besig is. Alles wat in die verlede van die kerk van Christus sowel as in die geskiedenis van 'n gemeente gedoen is, is nie sonder betekenis vir die hede nie.

10.22 Al wat ons nodig het is iemand soos Nehemia om ook ons gemeente reg te ruk.

10.23 Bouwerk aan die Kerk van Christus moet gedoen word in vaste vertroue op die Here, en met die oog daarop om Sy naam groot te maak.

10.24 Die vreugde van vordering met en afhandeling van bouwerk vir God, is 'n saak wat stil hanteer moet word, anders is daar verlies aan nederigheid en wins aan verwaandheid.

10.25 Koorsang het geen plek in die erediens nie, aangesien net 'n paar, in plaas van die hele gemeente, kans kry om te sing.

10.26 Ons moet minder op fondsinsameling konsentreer en predikante moet minder materialisties wees, sodat ons ons uitsluitlik kan toespits op bouwerk aan lidmate se persoonlike geloof.

10.27 Ongeag ons vordering in die bouwerk aan die koninkryk van God, is en bly die Bybel altyd die primêre bron vir verdere ontwikkeling. Daar mag nooit 'n punt kom waarop ons die Bybel eenkant neersit nie.

10.28 Om 'n Christen te wees beteken nie om jouself doelbewus af te sonder van ander mense wat nou nie heeltemal alles glo wat jy glo en aanvaar nie.

11

NEHEMIA SE HERVORMINGS

NEHEMIA 13:4-31

Alhoewel die Judeërs skriftelik onderneem het om die huis van hulle God nie te verwaarloos nie, het hulle dit tog gedoen. Gedurende 'n tweede termyn in Jerusalem moes Nehemia toesien dat die tempel nie vir privaat doeleindes misbruik word nie, dat die Leviete hulle regmatige onderhoud ontvang, dat die sabbatdag onderhou word en daar nie huwelike met ongelowiges gesluit word nie. Die Huis van God vereis nie net opbouwerk nie, maar ook instandhoudingswerk.

Wat hier belangrik is

- Selfs plegtige beloftes voor God word nie altyd gehou nie.
- Mense kan selfs die kerk vir hulle eie voordeel misbruik.
- Pligsversuim kan selfs by die getrouste lidmate voorkom.
- Vermaning en bemoediging bly altyd nodig in die kerk.

Lees eers hieroor

° Wat die gemeente skriftelik **onderneem het** in 9:38-10:39.
° Oor **Tobija** in 2:10,19; 4:3,7; 6:17-19.
° Watter **reëling** met die Leviete getref is nadat die muur ingewy is in 12:47.
° Wat die Judeërs skriftelik onderneem het in verband met die **Sabbatdag** in 10:31.
° Oor die **Sabbat** in Eksodus 20:8-11 en Deuteronomium 5:12-15.
° Wat die Judeërs onderneem het in verband met die **heidenvolke** in 10:30.

Wat staan daar?

11.1 Waar het Tobija gewoon? (vers 5)
11.2 Wat was Tobija se verhouding met die volk van God? (6:17-19)
11.3 Hoekom kon Nehemia Tobija se optrede nie verhoed nie? (vers 6)
11.4 Wat het Nehemia by sy terugkeer met Tobija gedoen? (verse 8-9)
11.5 Waarom het die Leviete nie hul werk by die tempel gedoen nie? (vers 10)
11.6 Wat het die volk skriftelik onderneem in Nehemia 10 : 32, 35, 37?
11.7 Vir wie het Nehemia aangespreek en hoe het hy die tempeldiens weer aan die gang gekry? (vers 11)
11.8 Hoeveel keer lees ons in hierdie gedeelte dat Nehemia God vra om te onthou wat hy gedoen het? (verse 14,22,31)
11.9 Wat merk Nehemia tot sy ontsteltenis op op die Sabbat? (verse 15 en 16)
11.10 Met wie het hy hieroor gaan praat en waarvan beskuldig hy hulle? (verse 17 en 18)
11.11 Wat het die volk aan die Here oor die Sabbat belowe in Nehemia 10:31?
11.12 Watter aksie neem Nehemia om die Sabbat weer te heilig? (vers 19)
11.13 Watter besluite is daar oor vreemde vroue in Esra se tyd geneem? (Esra 10:1-17)
11.14 Wat was Salomo se fout? (vers 26)
11.15 Die volk begaan 'n groot sonde waarvan ons lees in verse 23 tot 27. Wat is hulle sonde in die lig van verse 1 tot 3?
11.16 Wat doen Nehemia rakende die verkeerde huwelike? (vers 30)
11.17 Ons lees telkens hoe Nehemia tot God bid. Waarvoor pleit hy by God? (verse 14, 22, 31)
11.18 Sekere dinge is vir Nehemia belangriker as ander. Skryf in volgorde neer waar en by wie hy begin om reg te maak en waar hy ophou.

Na die hoogtepnt van die inwyding van die muur, volg daar 'n teleurstellende antiklimaks in die verhaal. Selfsug en eiegeregtigheid dreig om al die goeie werk wat Nehemia gedoen het, tot niet te maak. Die vertelling beeld die harde werklikheid uit dat die bouwerk vir God nooit ophou nie, omdat mense nie hulle woord gestand doen en aan God getrou bly nie.

Ek het al Tobija se huisraad uit die kamer gegooi en opdrag gegee dat die kamer gereinig moet word . (Nehemia 13:8-9)

Wat beteken dit?

11.19 Die optrede van die hoëpriester Eljasib teenoor Tobija maak dit duidelik dat:

a. Bloedbande belangriker is as godsdiens;
b. selfs "'n man van God" kan sondig;
c. die dinge wat vir God heilig en belangrik is maklik deur mense vergeet en vervlak kan word tot menslike gebruik en eie voordeel.

11.20 Nehemia se regstellende aksie wys daarop dat:

a. Dit wat verkeerd is dadelik gestaak moet word;
b. ons meer krag het en meer kan vermag as ons kwaad is;
c. daar opgehou moet word met die verkeerde, en dat die goeie en regte in die plek daarvan gedoen moet word.

11.21 Die Leviete en sangers staak hul werk by die tempel omdat:

a. Hulle eerder wou boer;
b. daar nie gehoor gegee is aan hul eise om hoër lone nie;
c. Nehemia nie daar was om te kyk of hulle dit doen nie;
d. die ampsdraers nie die volk gewys het op hulle verpligting om hul tiendes te bring nie. Sonder 'n inkomste moes die Leviete elders gaan werk en het die werk by die tempel tot stilstand gekom.

11.22 Drie verskillende ampsdraers word gebruik om die tiendes te administreer, nl 'n Leviet, 'n priester en 'n sekretaris. Dit maak dit duidelik dat:

a. Administrasie en gebruike in die kerk ordelik moet geskied;

b. die hantering van materiële sake van die kerk liefs aan meer as een persoon opgedra moet word.

11.23 Wie se verantwoordelikheid was dit om die tempel in stand te hou?

a. Leviete;
b. sangers;
c. ampsdraers;
d. die hele volk;
e. Selemja, Sadok, Pedaja, en Ganan.

11.24 Die ontheiliging van die Sabbat het die volgende behels:

a. Daar is gewerk - die wynpers is getrap;
b. daar is handel gedryf;
c. daar is by mekaar gekuier.

11.25 Die wat skuldig was aan Sabbatontheiliging, was:

a. Tiriërs wat in Jerusalem gewoon het;
b. die vooraanstaande burgers van Juda wat hierdie dinge toegelaat het;
c. die voorvaders wat met hierdie sonde begin het;
d. die owerheid van Jerusalem;
e. die hele volk;
f. slegs die Judeërs en nie die heidene, soos die Tiriërs nie, want hulle het in geen geloofs- of verbondsverhouding met God gestaan nie.

11.26 Nehemia verdryf die handelaars op die Sabbat deur die poorte te sluit en hulle te dreig. Verder laat hy die poorte bewaak. Dit impliseer dat:

a. Versoekings so ver moontlik vermy moet word;
b. daadwerklik met die sonde gebreek moet word;
c. die Sabbat gevul moet word met dit wat daarby pas, wat God verlang en derhalwe moet dit heilig gehou word;
d. diegene wat jou van jou geloof, van God, afvallig maak, jy met vrymoedigheid die deur kan wys.

11.27 Nehemia was dinamiese man wat soms hard gepraat en heftig opgetree het (raas, vervloek, geslaan, hare uitgetrek, eed laat aflê) om mense weer na God terug te bring. Dit beteken dat:

a. Alle pogings aangewend moet word om mense weer terug te bring tot God;
b. geestelike leiers ook fisiese geweld mag gebruik;
c. dit soms eers harde woorde en optrede is wat ons oë oopmaak om weer op die weg te gaan wat God ons wys.

11.28 Die gebede van Nehemia dui daarop dat:

a. Hy naby God geleef het;
b. hy sy liefde vir God hiermee sowel as met sy dade getoon het;

c. hy aanspraak maak op sekere voorregte by God op grond van sy werk;

d. hy ook in sy gebede aanhou smeek om genade;

e. hy verwaand was en gedink het hy is 'n beter gelowige as die res;

f. hy hom onvermoeid beywer om sy medegelowiges tot gehoorsaamheid aan God op te roep.

Hoe antwoord ons?

Gee jou mening oor die volgende stellings en motiveer dit aan die hand van die hoofstuk waarmee ons besig is.

11.29 Bouwerk aan die kerk van die Here het eers 'n einde wanneer Hy weer kom. Daarom moet ons waak, ons geloof voed en uitbou, veral as dit goed gaan en daar geen bedreiging t.o.v ons geloof is nie. Dit is juis in gunstige omstandighede dat ons maklik ons taak, ons roeping en ons God vergeet en van Hom wegdraai. Ons vergeet dan van die beloftes wat ons aan Hom gemaak het, bv. met ons troue, die doop van ons kind/ers, die aflegging van ons geloofsbelydenis.

11.30 Elke gelowige, selfs geestelike leiers, kan sondig in die bouwerk wat die Here van ons vra. Hoe word daardie dinge herstel waar ons afbreek i.p.v opgebou het soos hierdie hoofstuk ons leer?

11.31 Die kerk word dikwels beskuldig dat hy geestelik koud en styf (dood) is. Dit impliseer dat die bouwerk van die kerk tot stilstand gekom het. As dit gebeur is die skuldiges die predikant en ander ampsdraers.

11.32 Wanneer die dag van die Here nie meer gevul word met die dinge wat Hy van ons vra nie (bv. verkondiging van die Woord) word die dag gewoonlik gevul met ander dinge (bv. handel dryf). Dit maak ons as gelowiges ook skuldig aan Sabbatsontheiliging. Is dit waar of is die skuldiges die owerhede, rykes en handelaars wat hierdie dinge begin en instel?

11.33 Geld in die kerk word uitsluitlik gebruik vir twee sake: Vir

Woordverkondiging en ook vir barmhartigheidwerk. Sonder die dankoffers van gelowiges kan die kerk maar sy deure sluit omdat hierdie werk dan verwaarloos word. Met my dankoffer antwoord ek dus op die roepstem van God om te help bou aan Sy koninkryk.

11.34 Predikante moet die agterdeur oophou om vir hulself te sorg die dag as die geloof van die lidmate begin taan en die kerk en sy werk van minder belang word.

11.35 Ampsdraers en veral predikante moet met meer oortuiging en vuur optree en preek. Dit sal toon dat hulle oortuig is wat hulle verkondig en sodoende ook die mense oortuig aan wie hulle die Woord bedien.

11.36 In alle omstandighede moet die gelowige luister en terugkeer na wat God sê en vra. Wanneer dit gebeur sal ons ook besef hoe vêr ons tekort skiet. Ons sal al meer om genade smeek. Ons sal steeds meer daarna streef om naby God te leef en goeie dade tot Sy eer te doen om aan Hom alleen getrou te bly.

12

SAMEVATTING

Gaan deur die antwoorde wat jy met hierdie Bybelstudiehandleiding uitgewerk het. Kyk veral na die antwoorde wat jy gegee het ten opsigte van **wat dit beteken** en **hoe ons moet antwoord**. Maak daaruit vir jouself 'n samevattende lys van alles wat na jou mening kan dien as "boustene" in jou geloof, sowel as die bouwerk aan die gemeente waaraan jy behoort. Merk ook al die "swakpunte" waaraan jy dink daar meer aandag gegee kan word, sowel as al die "sterkpunte" wat jy reken verder uitgebou kan word.

ANTWOORDE

1. DIE METODE

1.1 Gaan kyk weer na die tweede paragraaf van hierdie hoofstuk.

1.2 Dit is noodsaaklik om te begryp wat daar werklik geskryf staan en daarvoor moet 'n kontroleerbare metode gebruik word.

1.3 2 en 3 van die Vyfpuntmetode is dieselfde as 2 van die Vraelysmetode, en 4 en 5 van eersgenoemde dieselfde as 3 van laasgenoemde.

1.4 Dit gee geleentheid om die antwoorde te kontroleer en te verhoed dat die antwoorde/ bespreking nie van die koers afdwaal nie.

2. NEHEMIA EN DIE CHRISTENGELOWIGE

2.1 Net so min as wat ons vandag los van ons tyd en ons omstandighede kan staan, kon mense in die tyd van die Bybel geïsoleerd van hulle wêreld leef. God is en word altyd onder konkrete omstandighede in die daaglikse lewe gedien. As ons die konkrete omstandighede van die gebeure in die Bybel ken, kan ons beter verstaan hoekom mense gemaak het soos hulle gedoen het - en kan ons beter beoordeel wat ons onder ons eie omstandighede behoort te doen.

2.2 In 'n vertelling word verbande gelê en bepaalde sake beklemtoon. In die Bybel is dit die geloofsake en -sienings wat deur lewendige vertellings vir ons baie prakties uitgewys en verduidelik word.

2.3 Nehemia het, net soos Esra, 'n drieledige tema: dit gaan oor die gemeente wat almal saamstaan, die Huis van God wat gebou word, die wet van God wat die koers aanwys.

2.4 God se hedendaagse volk is almal wat in Jesus Christus is en sy beeld in die wêreld vertoon.

2.5 In sommige opsigte wel, in baie ander opsigte nie. Nehemia leer ons dat die kerk nie net opgebou moet word nie, maar ook altyd in stand gehou moet word. Daar is baie bereik, maar ook baie waarna altyd weer gestreef moet word.

2.6 Bybelstudie van Nehemia behoort ons beter toe te rus om kerk van Jesus Christus te wees. Dit behoort ons elkeen afsonderlik en almal saam op te bou om gemeente te wees wat die Here dien met alles wat ons het.

3. DIE HUIS MOET HERBOU WORD

NEHEMIA 1:1 - 2:8

3.1 As 'n verhaal. Dit is geskiedenis wat so vertel word dat bepaalde gebeure onderstreep word wat vir die gelowiges van belang is.

3.2 Susan was die Persiese koning se hoofstad. Dit was in die noordweste van waar Iran vandag is.

3.3 Nehemia hoor dat die ballinge in Jerusalem onder haglike omstandighede leef. Die muur om die stad is vervalle, die stadspoorte is verbrand en hulle word deur hulle bure gespot.

3.4 Nehemia huil en treur dae lank oor die nuus wat hy hoor.

3.5 Lofprysing, skuldbelydenis en smeking.

3.6 Nehemia bid sonder ophou.

3.7 Namens die Israeliete, homself en sy familie doen Nehemia belydenis van sonde.

3.8 Nehemia doen 'n beroep op God se belofte volgens Deut 30:1-6.

3.9 God het belowe dat hy ontrouheid met ballingskap sal straf en bekering met herstel en met terugkeer sal seën.

3.10 Dit was nie vir Nehemia moeilik om God te eer nie, maar 'n vreugde.

3.11 Nehemia bid van God in vers 11
1) dat God hom voorspoedig moet maak in wat hy beplan;
2) dat God die koning simpatiek sal maak vir sy versoek.

3.12 Nehemia was die skinker aan die koningshof. Hy moes eers proe of daar nie gif in die wyn is nie, alvorens die koning dit drink.

3.13 Omdat Jerusalem in puin gelê het.

3.14 Nehemia het vinnig 'n skietgebed opgestuur, in aansluiting by sy vorige gebed.

3.15 Nehemia vra van die koning toestemming om Jerusalem te gaan herbou.

3.16 Nehemia vra briewe van die koning aan die goewerneurs in die Wes-Eufraat gebied sodat hy veilig deurgelaat kan word na Juda toe.

3.17 Nehemia het hout nodig gehad om poorte vir die vesting van die tempel en die stadsmuur en 'n huis vir homself te bou.

3.18 God het sy hand oor Nehemia gehou beteken dat God die koning bereid gemaak het om Nehemia te laat gaan en die Here het sy planne geseën.

3.19 d

3.20 b c e

3.21 b c

3.22 c d f h

3.23 c d

3.24 Die geloofsnood van sy volk het by hom swaarder geweeg as sy eie belange. God se Huis moet weer herbou word en daarvoor was hy bereid om alles op te offer.

3.25 Die Here wil vir Hom 'n volk van gelowiges bymekaar maak om Hom te dien en eer. Hy laat alles vir sy kinders ten goede meewerk sodat hulle in staat sal wees om die vreugde te ervaar om aan Hom te behoort en sy Naam te verheerlik. Soos Hy die koning oorreed en gebruik het om Nehemia in staat te stel om die diens vir sy Naam in Jerusalem in ere te gaan herstel, beskik Hy ook tye en geleenthede sodat ons bymekaar kan kom om sy Naam te prys en te verheerlik.

3.26 Nee. Nehemia het gehuil en sondebelydenis gedoen. Ons moet ook alles moontlik vir ons medegelowiges doen.

3.27 Die kenmerke van ons gebede behoort te wees dat dit God se grootheid erken, ons skuld voor Hom bely, ons in nederigheid en afhanklikheid tot Hom nader, ons bly is oor alles wat Hy vir ons gedoen het.

3.28 Wanneer jy klaar gebid het moet jy aan die werk spring met dit waarvoor jy gebid het. God het alreeds vir jou die verstand, die kragte en die middele gegee wat jy nodig het om dit waarvoor jy Hom gevra het te doen. As dit volgens sy wil is, sal Hy ook sy hand oor die saak hou waarvoor jy gebid het.

3.29 Boustene in jou geloof kan die volgende wees:
Om 'n oog te ontwikkel vir my eie aandeel aan die nood van die kerk;
om my eie sonde en die van ander voor God te bely;
om met my hele persoon, hart en verstand by die nood van die kerk betrokke te raak;
om God se grootheid en krag in my lewe raak te sien;
om op God te vertrou met alles wat ek het;
om nederig en afhanklik voor God te staan;
om sonder ophou te bid;
om te doen waarvoor ek gebid het.

3.30 Dieselfde boustene kan ook vir die gemeente geld. Opbou van ons eie geloof dien tegelyk ook die opbou van die gemeente.

4. DIE BOUWERK BEGIN

NEHEMIA 2:9 - 3:32

4.1 Dit het vir Sanballat-hulle bedreiging ingehou.

4.2 Nehemia inspekteer die afgebreekte mure in die nag sodra hy in Jerusalem aankom.

4.3 Nehemia hou sy planne aanvanklik geheim sodat sy vyand nie te gou agterkom wat hy beplan nie. Hy wou homself ook op die hoogte stel met Ganani se berig.

4.4 Dit was 'n opdrag wat God self in sy hart gelê het.

4.5 Nehemia hou **nie** die ampsdraers, Judeërs, priesters en vooraanstaande burgers aanvanklik op hoogte van die werk wat hy moet kom doen nie.

4.6 Die vernedering wat op Nehemia en sy medegelowiges rus is die stad wat afgebrand is - die teken dat God hulle verwerp het.

4.7 Solank die stad so lê bly hulle vernedering staan. God het dit in Nehemia se hart gelê om die mure te herbou en sy plan geseën.

4.8 Ons het tevore in Nehemia 1:8 gelees dat God sy hand oor Nehemia gehou het.

4.9 Kom ons bou.

4.10 Die vyande van die Judeërs reageer deur hulle planne uit te lag en as opstand teen die koning af te maak.

4.11 Nehemia antwoord die vyand dat God hulle planne sal laat slaag, dat hulle gaan bou en dat hulle niks daar verloor het nie.

4.12 Die hoëpriesters, Leviete, priesters en tempelslawe het almal met die bouwerk gehelp.

4.13 Van Jerigo, Tekoa, Gibeon, Meronot, Mispa, Sanoag en Bet-Kerem het mense kom help met die bouwerk.

4.14 Die helpers by die bouery was smede, salfmengers (aptekers) en handelaars.

4.15 Sallum se dogters het gehelp met die bouwerk.

4.16 Daar word aan die verskillende poorte gewerk.

4.17 Die muur word regoor die ingange van die wapenkamer en die hoëpriester se huis herstel.

4.18 Jedaja, Benjamin, Gassub en Asarja herstel die muur regoor hulle huise.

4.19 Die hele muur word herstel.

4.20 Hierdie mense se hart was in die bouwerk.

4.21 Die vooraanstaandes van Tekoa wou nie hulle samewerking gee nie.

4.22 c d e

4.23 c d

4.24 Hulle wou die hele muur weer opbou.

4.25 Elkeen wat enigsins daartoe in staat is, het gehelp.

4.26 Nee. Die hele muur word hertsel, by belangrike en oënskynlik onbelangrike plekke.

4.27 Hulle het skouer aan skouer saamgewerk en dit met volle oorgawe gedoen.

4.28 Elkeen wat enigsins kon het met volle krag en oortuiging saam gewerk om die muur te herbou (17 woorde).

4.29 a

4.30 c e g

4.31 c d

4.32 b e

4.33 b

4.34 b

4.35 b

4.36 Dit gaan oor die eer van God en sy krag - daarop moet ons vertrou en nie op ons eie vermoëns nie.

4.37 Nehemia het juis beplan en gebid dat God sy planne sal laat geluk.

4.38 Nehemia het gebid en toe gaan doen.

4.39 Omdat God altyd en oral in beheer is gee dit ook aan ons vertroue om ons werk aan te pak.

4.40 a. Ongetwyfeld. Ons hele lewe word op Hom gebou.
b. Mense wat dit besef is die pilare van hulle medegelowiges en familie.

4.41 Nee, ons is almal saam ledemate van die een liggaam van Christus en elkeen het sy funksie daarin om te vervul.

4.42 Die vooraanstaandes van Tekoa wou ook nie help nie. Mense wat te belangrik in hulle eie oë is dink ook nie van God genoeg om voor Hom en sy wil te buig nie.

4.43 As 'n mens so praat dan is dit te betwyfel of jy eerlik is met jou motiewe. Daar sal altyd vir jou 'n verskoning byderhand wees om jou plig te ontduik.

4.44 Alles in die gemeente is belangrik.

4.45 Die regte gesindheid.

5. WEERSTAND VAN BINNE EN VAN BUITE

NEHEMIA 4:1 - 5:19

5.1 Sanballat en Tobija.

5.2 Die Arabiere en die mense van Asdod.

5.3 Gesem was die leier van die Arabiere.

5.4 d

5.5 Juda se vyande het met mekaar saamgesweer.

5.6 Verse 1 - 4: maak die Judeërs bespotlik.
Vers 5: beledig die bouers.
Vers 8: beplan aanval om verwarring te stig.

5.7 Tot God gebid en wagte uitgesit.

5.8 Die draers se kragte gee in. Die puin is vir hulle te veel.

5.9 Judeërs wat naby die vyand woon.

5.10 Hulleself bewapen en gereedgemaak.
Hulle was suksesvol.

5.11 Moenie bang wees nie;
Dink aan die Here;
Veg.

5.12 God.

5.13 Nee, elkeen gaan terug na sy werk by die muur.

5.14 Die helfte het gebou en die ander helfte het gewapen wag gehou.

5.15 Om in die nag wagdiens te doen.

5.16 Nee. Kry nie eens kans om skoon aan te trek nie en gaan selfs met wapens aangegord water drink.

5.17 b c

5.18 a d

5.19 d

5.20 a d

5.21 b c d

5.22 d e f g h

5.23 a c d e

5.24 Ons leef nie in 'n volmaakte wêreld nie. Daar sal altyd mense wees wat teen God en sy kerk werk. Christus self het gesê dat ons in hierdie wêreld verdrukking sal hê (Matt 24:9). Dit beteken dat ons met nog groter ywer ons taak moet aanpak.

5.25 Om die bouwerk van God in die wiele te ry.

5.26 Bid. Beplan en organiseer alles wat nodig is om die aanslag af te

weer.

5.27 Moenie in selfbejammering moed opgee nie, maar bid en tree daadwerklik op ten einde die probleme die hoof te bied. Wees ook bereid om in vertroue op God harder as vantevore te werk.

5.28 Geen neerdrukkende ervaring nie. Sodra ek besef dat God my erns oor die saak sowel as my vertroue op Hom toets, sal dit my motiveer om met groeiende entoesiasme en volgehoue gebed te sorg dat God se saak nie skade ly nie. Ek sal konsentreer op wat gedoen moet word en bereid wees om saam met die praktiese bouwerk ook aktief teenstand te bied teen enigiets of enigiemand wat die bouwerk aan God se koninkryk bedreig.

5.29 Hongersnood.
Belasting wat aan die koning betaal moes word.

5.30 Lande, wingerde en huise moes verpand word en hulle moes geld leen.

5.31 Kinders is as slawe verpand.

5.32 Nehemia oorweeg die saak;
hy beskuldig die vooraanstaande burgers;
hy belê 'n volksvergadering.

5.33 Die vooraanstaande burgers en ampsdraers wat geld uitgeleen het.

5.34 Nehemia-hulle het alle Judeërs wat as slawe aan heidene verkoop was teruggekoop; nou maak hulle van hulle eie volksgenote weer slawe.

5.35 Hulle het nie eerbied vir God nie. Hulle gehoorsaam ook nie sy gebod om ander mense te respekteer nie.

5.36 Moet uitbuiting staak;
Lande, wingerde, boorde en huise wat as pand geneem is, moet teruggegee word;
Een persent van skulde moet kwytgeskeld word.

5.37 Die vooraanstaandes het stilgebly, hulle het onderneem om die eiendom terug te gee en hulle het gedoen wat Nehemia gevra het.

5.38 Van die inwoners van die streek waaroor die Perse hulle aangestel het.

5.39 Sy eerbied vir God het hom verhoed.

5.40 Hulle het geen eerbied vir God nie, Nehemia het wel.

5.41 Al drie.

5.42 a

5.43 d

5.44 a d e g h

5.45 b c e g

5.46 Waar. As ons mekaar sou uitbuit en sonder liefde en tegemoetkomendheid teenoor mekaar optree, vernietig die kerk van Jesus Christus homself.

5.47 Nee. Hulle het mekaar nodig. Aangesien die werk wat gedoen moet word so omvangryk is. Iemand wat uitgebuit en verneder voel werk nie maklik saam met die mense wat hom daarin gedompel het nie.

5.48 Geloof (eerbied vir God) bepaal jou gesindheid teenoor die mense rondom jou, asook jou optrede (dade) teenoor hulle.

5.49 Dit is ons plig om betrokke te raak en te sorg dat die sake reggestel word ten einde eerbied vir God en voortgang van die bouwerk vir Hom te help bevorder.

5.50 a. Nee. Die eise wat God stel bepaal jou manier van optrede teenoor alle mense ten alle tye.

b. Glad nie. Dit is sy verantwoordelikheid om my daarop te wys en my verantwoordelikheid om na my broer te luister.

c. My belange moet in balans staan met die belange van die gemeente sodat ek juis deur my inset so grondig as moontlik kan help saam bou.

5.51 Ons moet op God vertrou, aan Hom eerbied betoon en die probleme wat daar opduik na die beste van ons vermoë biddend probeer oplos.

6. DIE WERK WORD VOLTOOI

NEHEMIA 6:1 - 7:3

6.1 Die muur was voltooi en nêrens meer vervalle nie.

6.2 Die deure in die poorte was nog nie in nie.

6.3 Na Kefirim in die Onolaagte.

6.4 Hulle wou hom seermaak.

6.5 Nehemia sal nie gaan nie, omdat hy besig is met groot werk en dit nie kan laat stilstaan nie.

6.6 Die inhoud van Sanballat se brief:

a. Nehemia en die Judeërs beplan 'n opstand en daarom bou hulle die muur.

b. Nehemia wil hom as koning laat uitroep in Jerusalem.

c. Die koning van Persië sal van die saak hoor.

d. In albei word beweer dat 'n opstand teen die Persiese koning in Jerusalem beplan word.

6.7 Nehemia ontken hierdie bewerings.

6.8 Nehemia het gedink Sanballat en Gesem wou die Judeërs die skrik op die lyf jaag met hierdie set sodat die werk nie klaarkom nie.

6.9 Nehemia bid tot God.

6.10 Die profeet Semaja het homself in sy huis toegesluit. Hy wou hê Nehemia moes saam met hom in die tempel gaan wegkruip.

6.11 Tobija en Sanballat het Semaja omgekoop om Nehemia bang te maak.

6.12 Hy wou Nehemia bang maak sodat hy 'n misstap sou begaan en hulle sodoende die geleentheid sou kry om hom te beskinder en sy naam sleg te maak.

6.13 Noadja.

6.14 Nehemia bly kalm en hy weier om te vlug.

6.15 Nehemia bid tot God.

6.16 Hy soek sy krag by God en beskou die Here as sy toevlug.

6.17 52 dae.

6.18 Hulle het hulle selfversekerdheid verloor.

6.19 God het die Judeërs gehelp.

6.20 Daar was familiebande deur ondertrouing.

6.21 Nehemia probeer bangpraat.

6.22 Hy het die deure gehang en poortwagters, sangers en Leviete aangestel.

6.23 Gananja was 'n betroubare man met meer as die gewone eerbied vir God.

6.24 Die poorte moet eers oopgemaak word wanneer die son al hoog sit en reeds gesluit word terwyl die poortwagters nog aan diens is. Wagte moet aangestel word vir die wagposte en ook die huise moet bewaak word.

6.25 c d e

6.26 a c d

6.27 b-f h-i

6.28 b c e f

6.29 b d e g h

6.30 c e f

6.31 c

6.32 b c

6.33 a c

6.34 c

6.35 b d

6.36 Die kanse is goed dat sulke probleme weer en weer sal opduik. Teenstand teen werk vir God is 'n onophoudelike aanslag wat telkens met nuwe venyn toeslaan. Dit is veral waarvan die geskiedenis van die Judese volk in hierdie gedeelte van Nehemia getuig.

6.37 Ja, die vyande van die kerk sal geen persoon en geen metode ontsien om God se werk aan bande te probeer lê nie.

6.38 Ons prioriteite moet reg wees. Ons het 'n roeping en 'n taak om voluit ons gewig by die bouwerk aan God se kerk in te gooi. Niks mag vir ons swaarder weeg as die saak van God nie.

6.39 Ons moet hoflik, maar beslis, verskoning maak en doen wat ons weet die regte ding is om te doen.

6.40 Dit is 'n teken daarvan dat die persoon nie die saak van God of die werk aan sy kerk goedgesind is nie. Die verspreider van skinderstories behoort gekonfronteer te word en gedwing te word om sy saak te bewys of stil te bly.

6.41 'n Gelowige wat erns maak met God se opdragte, veral ten opsigte van versterking van geloof en uitbreiding van die Koninkryk raak nie moedeloos as gevolg van enkele mislukkings nie. Daar sal keer op keer pogings aangewend word om die werk tot stilstand te bring. Wanneer gelowiges seker is dat die werk waarmee hulle besig is, die saak van God sal dien, moet hulle hulle deur niks van stryk laat

bring nie. Selfs nie eens deur mense wat met 'n skyngeloof allerlei probleme veroorsaak nie.

6.42 As gelowige vind jy jou krag by God;
Ons smeek dit af van hom deur gebed;
die uitvloeisel daarvan is dat ons ondanks alle omstandighede volhard in geloof en om die opdragte uit te voer wat God aan ons gegee het.

6.43 God het sy volk gehelp en bygestaan om die muur te voltooi en sodoende die werk te doen wat Hy van hulle gevra het. Sy hulp en onderskraging is nie met die gebeure rondom Nehemia en die Judeërs deur wonderwerke te sien nie. Netso het alles ook nie seepglad en sonder enige moeilikhede of probleme verloop nie. God gebruik mense om sy werk te doen en gee aan elkeen volgens sy vermoë werk om vir Hom te doen. Hy help deur krag, die nodige middele, deursettings- en onderskeidingsvermoë aan mense te skenk om die werk te voltooi wat Hy aan hulle opgedra het.

6.44 Wanneer werk vir God gedoen word moet dit na die beste van ons vermoë gedoen en voltooi word. Ons staan as kerk, maar ook as individuele lidmate, in verantwoordelikheid voor God.

6.45 Een mens alleen kan nie al die werk doen wat in die gemeente van die Here gedoen moet word nie. Dit is ook nie wat God verwag nie. Paulus spel dit uit in 1 Korinte 12 in die beeld van die liggaam met al sy ledemate wat met mekaar saamwerk om die een liggaam te laat funksioneer. Dit is ook wat Nehemia doen met die aanstelling van Ganani en Gananja.

6.46 Die maatstaf behoort te wees of die betrokke persoon eerbied vir God het. Wanneer Nehemia besluit wie hy in bevel van Jerusalem moet plaas, weeg betroubaarheid en eerbied vir God by hom swaarder as die beroep wat Gananja beoefen het. Dit word ondersteun deur die feit dat al die goeie hoedanighede wat Gananja in die oë van mense gehad het, aan hom geen spesiale plek in Jerusalem besorg het nie.

6.47 So 'n band is nodig en behoort te bestaan, aangesien God wel met individue werk, maar dan as deel van 'n gemeenskap van gelowiges wat aan Hom behoort.

7. TERUGBLIK

NEHEMIA 7:4 - 72

7.1 Om die vooraanstaande burgers, die amptenare en al die ander bymekaar te laat kom vir opname in die familieregister.

7.2 Die wat eerste teruggekom het.

7.3 Nee, daar is getalle wat verskil.

7.4 8: families
24: herkoms
39: priesterfamilies
43: Levitiese families
46: tempelslawe
57: nakomelinge van Salomo se dienaars
61: mense sonder aanwysbare familieverband
63-64: priesterfamilies wat nie in die register was nie.

7.5 Die priester moes uitsluitsel kry deur die lot te werp met die urim en tummim.

7.6 Familiehoofde, die goewerneur en die res van die mense.

7.7 Goud, komme, silwer en priesterklere.

7.8 Soos by die eerste tempel van Salomo (1 Kronieke 29:6-9) het dit by die herboude tempel en die mure ook oor die diens van God gegaan. Die priesters moes daardie werk verrig en die nodige klere daarvoor hê.

7.9 Die bouwerk vir God word as een groot proses gesien waaraan die hele Israel oor die eeue deelneem.

7.10 c d e

7.11 b c

7.12 b

7.13 a b c

7.14 Ons is die voortsetting van die een heilige algemene kerk. Ons sit die werk voort wat hulle daar mee besig was.

7.15 Ons bou op hulle werk voort en moet uit ons voorgangers se foute en ervaring die wysheid put om self soos bekwame boumeesters verder te bou.

7.16 Wanneer ons nie meer op die fondament Jesus Christus bou nie.

7.17 Offergawes moet gegee word vir die voortgang van God se werk.

7.18 God maak met ons in Jesus Christus ook 'n nuwe begin deur ons onverdiend ons sonde te vergewe en 'n nuwe lewe te gee waarin ons

op sy hulp en bystand kan reken. God maak ons ook mense wat vir Hom leef en werk, net soos Nehemia en die Judeërs.

8. ONS SAL DIE WET ONDERHOU

NEHEMIA 7:72-10:39

8.1 In die stede waar hulle oorspronklik vandaan gekom het.

8.2 Die hele volk het bymekaargekom. Hulle het gevra dat Esra die wetboek van Moses moes bring waarin die bevele van die Here opgeteken was.

8.3 Esra was 'n wetsgeleerde wat sy lewe daaraan gewy het om die wet van die Here in die praktyk toe te pas.

8.4 Vier keer.

8.5 Esra het die wetboek gebring en daaruit voorgelees.

8.6 Die gemeente het opgestaan.

8.7 Esra het God geprys en die gemeente het dit bevestig deur met die hande omhoog 'Amen Amen' te antwoord. Daarna het die hele gemeente gekniel en diep voor die Here gebuig.

8.8 Die Leviete het die wet voorgelees, dit verduidelik en die betekenis daarvan weergegee sodat die mense dit kon verstaan.

8.9 Die gemeente het gehuil toe hulle die wet hoor.

8.10 Hulle het hulle skuld besef (vgl hoofstuk 9) en was spyt dat hulle nie uitvoering aan God se wet gegee het nie.

8.11 Deur die dag aan die Here te wy en fees te vier.

8.12 Die gemeente het feesgevier en lekkernye uitgedeel. Hulle het goed begryp wat vir hulle gesê is.

8.13 Familiehoofde, die hele gemeente, priesters, Leviete en Esra.

8.14 Die Huttefees. Hulle moes takke met digte blare gaan haal en 'n hut bou waarin hulle vir die duur van die fees gebly het.

8.15 Vanaf die vyftiende van die sewende maand vir 7 dae.

8.16 Die hele gemeente, almal wat uit die ballingskap teruggekeer het.

8.17 Daar is elke dag van die fees uit die wet van God voorgelees.

8.18 Daar was 'n samekoms op die agtste dag van die fees.

8.19 Die Judeërs het rouklere aangehad en grond was op hulle koppe gestrooi.

8.20 Wanneer hulle rou.

8.21 Hulle het belydenis gedoen van hulle eie sonde en van die

oortredings van hulle voorsate.

8.22 Daar is 'n kwart dag uit die wetboek voorgelees en 'n kwart dag lank belydenis gedoen.

8.23 Hulle het die Here God geprys.

8:24 Wat bely word:

a. God is die Skepper.
b. Hy het met Abraham 'n verbond gesluit.
c. Hy het Israel uit Egipte verlos.
d. Hy het Israel na Sinaïberg gelei en vir hulle sy wet gegee.
e. Die vadere het in verset gekom.
f. God het hulle nogtans na die land gebring wat Hy beloof het.
g. God het hulle telkens gered.
h. Hulle het nie geluister nie en hulle gaan in ballingskap.
i. Israel staan skuldig voor God.
j. God moet Hom tog oor hulle ontferm.

8.25 Wat **God** vir Israel gedoen het:

a. God kies Abram.
b. God sluit 'n verbond.
c. God hoor en red.
d. God lei sy volk.
f. Hy praat met sy volk en gee sy gebod.
g. Hy voed hulle en gee hulle die beloofde land.
h. Hy maak hulle 'n groot nasie.
i. Hy straf hulle met ballingskap maar hoor hulle hulpgeroep.
j. Hy doen reg.

8.26 Wat **Israel** gedoen het:

a. Hulle was vermetel, hardkoppig en ongehoorsaam.
b. Hulle wou nie luister nie en het hulle verset.
c. Opstandig, verwerp God se wet en maak sy profete dood.
d. Sondig teen God se bepalings.
e. Ongehoorsaam aan die wet.
f. Konings dien God nie en bekeer hulle nie.

8.27 Die Pesiese koning geniet die vrug van die land wat God vir hulle gegee het. Hulle moes nog steeds belasting aan die Persiese koning betaal.

8.28 Dat 'n dokument se inhoud amptelik gewaarborg is.

8.29 Leiers, Leviete, priesters; die goewerneur Nehemia; leiers van die volk.

8.30 Die vrouens, seuns, dogters en almal wat kon verstaan (vgl Nehemia 8:3,4,9,13).

8.31 Om te leef volgens die wet en gehoorsaam te wees aan die gebooie, bepalings en voorskrifte van die Here.

8.32
a Nie met heidene ondertrou nie;
b herstel die sabbat;
c goud en offers soos nodig vir die werk in die huis van die Here;
d elkeen het 'n beurt om brandhout te bring;
e die eersteling offers;
f. offergawes vir die opbergplekke.

8.33 Ons sal die huis van ons God nie verwaarloos nie.

8.34 c

8.35 a b d

8.36 b c

8.37 b c

8.38 c

8.39 b d e

8.40 a b c

8.41 b c d

8.42 b c d

8.43 a b

8.44 d

8.45 a b

8.46 b

8.47 a c

8.48 a

8.49 Nee, anders sou die onderneming en eed nie nodig gewees het nie.

8.50 Vals. Almal wat kon verstaan moes ook die eed aflê en die onderneming maak.

8.51 Nee, ook vrouens en dogters is betrokke.

8.52 a c

8.53 a c e f

8.54 Dit was bykomend.

8.55 Ja, die priesters moes van die offers lewe.

8.56 b c

8.57 Persoonlike verpligtings is nie onbelangrik nie, maar behoort nie ons tyd en geld so op te neem dat daar niks vir God en ander mense oorbly nie. Daar moet 'n gesonde balans tussen al ons bedrywighede

bestaan. Ons verskillende belange behoort mekaar te ondersteun sodat alles tot eer van God mag geskied.

8.58 'n Goed ingerigte kerk kan die erediens tot voordeel wees. 'n Mooi kerkgebou is egter nie die voorwaarde dat God goed en reg gedien kan word nie. Dit gaan om die eer en diens aan God en alle ander sake is bysake.

8.59 Deur ons sang, belydenis, gebed en dankoffer antwoord ons op God se Woord. Ons betoon veral ons eerbied deur met oorgawe die lof van die Here te besing en Hom met ons hele hart in gebed aan te roep. Ons toon ons eerbied verder deur sekere handelinge: ons staan op met die seëngroet aan die begin van die erediens. Ons sit of staan ook tydens die gebed.

8.60 Die wet van God laat ons ons sonde besef en ons voor God verootmoedig.

8.61 Die Wet laat ons ons skuld voor God besef en voor Hom bely. Met die Geloofsbelydenis bely ons dat ons in die God wat ons al ons sonde vergewe het, glo. Al hierdie elemente, die wet van God, die skuldbelydenis en die geloofsbelydenis kom ook hier voor waar die Judeërs die wet van God aangehoor het.

8.62 In die Skriflesing, die prediking, deur Bybelstudie, kategese, evangelisasie en huisgodsdiens.

8.63 Om jouself te ken in die lig van God se Woord het tot gevolg dat jy jou sonde besef en insien dat jy God nodig het. Sonder hierdie selfondersoek en selfkennis kom daar geen verhouding met God tot stand nie en bly jy sonder redding en verlossing.

8.64 Hoe meer 'n mens van God se liefde, genade, barmhartigheid, lankmoedigheid en trouheid weet, hoe meer begin jy jou lewe aan Hom toevertrou.

8.65 Ware verootmoediging bestaan uit twee element:
a. om op grond van jou sondebesef jou kleinheid en jou afhanklikheid voor God te verstaan;
b. om God te sien soos Hy werklik is, naamlik bereid om in sy grootheid ons uit genade te vergewe.

8.66 Nee. Die besef moet soos in Esra se gebed en alles wat die volk gedoen het, deur die regte optrede (belydenis in gebed) gevolg word.

8.67 Die Judeërs het ure lank na die lees van die wet en die verduideliking daarvan geluister. Die verskoning van te min tyd is dikwels 'n erkenning dat iets nie vir ons belangrik genoeg is nie.

Ons behoort elke beskikbare tyd en manier ten volle te gebruik om God beter te leer ken sodat ons 'n lewende verhouding met God kan hê.

8.68 Beslis ja. Ons beste bewys is die gebeure aan die Kruis van Golgota.

8.69 Kersfees en Paasfees behoort die hoogtepunte in ons kerklike aktiwiteite te speel. Skoolvakansies en langnaweke is egter juis die geleenthede waarop gemeentelede weggaan en nie by die kerk uitkom nie.

8.70 God se liefde en getrouheid het nog nooit verander nie. Hy is nog altyd bereid om ons deur sy Woord te ontmoet. Wat ons van ons eredienste en feeste maak hang volledig van onsself af. Ass onsself en God ken, nie wegskram van belydenis en gebed nie, en daarop ingestel is om onsself aan God te wy, sal ons met vreugde en dankbaarheid elke geleentheid aangryp om God te dien en te verheerlik.

8.71 Ons sal die gebruike en gewoontes wat in ons tyd ingeburger geraak het, soos die erediens en Bybelstudie en gebed as geleenthede gebruik om onsself aan God toe te wy.

8.72 Elkeen wat glo in God en sy of haar lewe aan die Here toewy dra die verantwoordelikheid om Hom te dien.

8.73 Onwaar. In Nehemia 10 het mans, vrouens en kinders saam voor God gestaan om bepaalde ondernemings te gee ten opsigte van die tempeldiens aan die Here. Dit is 'n gesinsaangeleentheid.

8.74 In Nehemia se tyd moes ook seuns en dogters saam met hulle ouers verantwoordelikheid aanvaar vir God se diens. Ook ons behoort van kleins af te leer om ons tyd en kragte, ons middele en vermoëns aan die Here te gee.

8.75 Ons onderhou nie meer die Sabbat op 'n wettiese wyse soos die Israeliete van ouds nie. Dit bly egter steeds ons plig om op die opstandingsdag van Jesus Christus (Sondag, die eerste dag van die week) ons onderlinge byeenkoms te hou om God te eer en verheerlik.

8.76 Sekerlik nie. Offergawe is nie net stoflike middele (Rand en sent) nie, maar is ook my dade en woorde waarmee ek God elke dag van my lewe dien.

8.77 Eintlik behoort ons ons offergawe self na die kerk toe te neem. Die diaken se werk is om die nodige middele te soek vir die armes en die instandhouding van die evangelie. Dit is bykomende werk wat

hy doen.

8.78 Niemand word verplig om hierdie beloftes te maak nie. Wie egter werklik glo belowe graag aan God om Hom op alle tasbare en denkbare wyses te dien en vir sy saak te ywer.

8.79 Die mense in Nehemia se tyd het vir die ampsdraers by die tempel gesorg sodat hulle voltyds en ongehinderd die diens by die tempel kon verrig. Dit behoort by ons die ideaal te wees om ook ons predikante in staat te stel om al sy tyd en kragte aan die evangelie te wy. Dit moet nie vir hom nodig wees om eers kos te gaan verdien voordat hy aan ons die evangelie kan verkondig by ons huise en in die kerk nie.

8.80 In soverre daardie wette ons voor God regverdig moet maak, het Jesus Christus hulle almal namens ons uitgevoer. In hulle aanduiding van watter rigting ons toewyding aan God behoort te gaan, is hulle wel vir ons 'n reël of rigsnoer vir ons dankbaarheid. Dus nie letterlik nie, maar in bedoeling het hulle nog steeds vir ons krag en is hulle steeds deel van God se Woord vir ons.

8.81 Persoonlike teenwoordigheid by eredienste (ook op vakansiedae) is deel van ons verantwoordelikheid.

9. EENHEID EN KONTINUÏTEIT IN DIE GELOOFSGEMEENSKAP

NEHEMIA 11:1-12:26

9.1 Die leiers van die volk en een uit elke tien van die ander mense wat geloot is.

9.2 Daar is geloot om te besluit wie in Jerusalem moet woon.

9.3 Hulle is geprys omdat hulle bereid was om in Jerusalem te woon.

9.4 Omdat die stad uitgestrek en yl bewoon was.

9.5 Die ampsdraers wat by die tempel moes diens doen, moes in die stad woon.

9.6 Die stamme Juda, Benjamin en Levi.

9.7 Elkeen het op sy eie grond in sy eie stad gewoon.

9.8 Vers 9: bevel gevoer oor ander;
vers 12: dienswerk in die tempel gedoen;
vers 16: toesig gehou oor werk buite die tempel;
vers 17: was in beheer van sang en het die lofprysing behartig;

vers 19: waggehou by die poorte;
vers 24: alle sake van die volk hanteer ten opsigte van die koning - die koning se gevolmagtigde.

9.9 Die heilige stad (di God se stad).

9.10 Daar het 'n koninklike opdrag oor die sangers bestaan, 'n voorskrif oor hulle optrede soos dit elke dag moes geskied.

9.11 Hulle was landbouers en het hulle bestaan uit boerdery gemaak.

9.12

Judeërs	468		
Benjaminiete	928		
Priesters	822		
Familiehoofde	242		
Ampsgenote	128		
Leviete	284		
Poortwagte	172	Totaal:	3044

Van die 42360 mense wat volgens 7:66 uit die ballingskap teruggekeer het, het slegs 3044 dus in Jerusalem gewoon.

9.13 Die maatstaf was of mense binne of buite Jerusalem gewoon het. Dit is 'n geografiese maatstaf.

9.14 In Serubbabel se tyd.

9.15 'n Leviet.

9.16 Jedaja.

9.17 Jesua en Kadmiël.

9:18 Jojakim.

9.19 Verse 12-21.

9.20 Die lofsang, om die Here te loof en te dank.

9.21 Volgens opeenvolgende geslagte.

9.22 c

9.23 d e

9.24 a

9.25 b

9.26 b

9.27 a d

9.28 a c

9.29 c

9.30 c

9.31 a

9.32 Die klem val hier op die samewerking wat almal verleen het. Die name van almal wat meegewerk het om die tempel en muur te herbou word genoem sonder om hulle spesifieke dade te noem.

Belangrikste is dat hulle aktief was en iets gedoen het - daarin lê hulle belang.

9.33 Dit was nie 'n opoffering vir mense om in Jerusalem te gaan woon om te help met die bouwerk aan God se Huis nie. Om in God se diens te staan bring sekuriteit, vreugde en lewensvervulling.

9.34 Wat God vir ons gegee het is bedoel om ons in staat te stel om Hom en ons naaste mee te dien.

9.35 Alhoewel dit nie die enigste wyse is waarop ons ons gesamentlike verantwoordelikheid kan nakom nie, is die gemeentevergadering 'n belangrike geleentheid waarop die gemeente saam kan besin oor hulle verantwoordelikhede.

9.36 Elke gelowige het bepaalde gawes van God ontvang. Ons moet dit tot opbou van die gemeente en van mekaar gebruik. Ons moet hierdie gawes uit ons eie aanbied en nie nog sit en wag tot ons gevra word om met 'n bepaalde saak te help nie. Elkeen weet waar sy sterk punte lê en behoort sy hulp op daardie terrein sonder valse beskeidenheid of aanstootlike oormoedigheid aan te bied.

9.37 Dit is ongelukkig nie altyd so nie. Net soos wat daar by Nehemia-hulle mense aangestel moes word om te kontroleer dat die werk reg gedoen word, sal dit vandag ook nog moet gebeur. Ons vergeet baie gou dat die werk waarmee ons besig is werk is wat ons vir God self doen. Ons moet mekaar maar voortdurend aan hierdie feit herinner.

9.38 Die inwoners van Jerusalem het mekaar nodig gehad om die werk aan die muur te voltooi en ook om die werk in en rondom die tempel vlot te laat verloop. Op hierdie wyse kon hulle hulle geloof beoefen en het hulle mekaar ondersteun. Ons het mekaar se hulp, ondersteuning, aanmoediging en teregwysing nodig om wakker te bly in die geloof.

9.39 Dit hang alles van ons self af. Wat ons sing is belangrik en daarom moet die kerklike voorskrifte in ag geneem word. Die vreugde en entoesiasme waarmee ek sing en nuwe wysies aanleer, beïnvloed ook die mense rondom my. Hoe meer moeite ek met my sang doen, hoe vreugdevoller sal dit vir my wees. Daarby moet ek steeds in gedagte hou vir Wie ek eintlik my psalms en gesange sing.

9.40 Beplanning en voorbereiding is onmisbaar vir 'n sinvolle erediens. Hoewel God deur sy Gees die predikant toerus om die evangelie te verkondig, vir hom as't ware die woorde in die mond lê, bly dit steeds sy plig om ook sy verstand en al die ander gawes wat God

aan hom geskenk het ten dienste van God en sy gemeente aan te wend.

9.41 Die kerk moet voortdurend bly hervorm en by nuwe omstandighede aanpas. Dit moet egter altyd op God se Woord gebaseer word en in lyn met die kerk se reformatoriese tradisie. Nuwe vorms en eksperimente net ter wille van die nuutheid daarvan alleen, is 'n gevaarlike pad om te loop. Dit gaan dan net om mense se sug na wat snaaks en anders is en nie om ernstige soeke na die beste manier waarop God in elke tyd en onder elke omstandigheid gedien kan word nie.

9.42 Die eenheid van die kerk lê in die eerste plek in die gemeenskaplike diens en gehoorsaamheid aan die Heer van die kerk. So kan mense wat geslagte ver uitmekaar geleef het wel eenheid in geloof ervaar. Vanweë verskille in taal, tradisie, gewoontes, ens, kan alle gelowiges nie organisatories een groot kerk vorm nie. Dit verhoed egter nie dat gelowiges uit verskillende groepe bymekaar sal kom en met mekaar sal saamwerk waar dit enigsins moontlik is nie.

10. DIE INWYDING VAN DIE MUUR

NEHEMIA 12:27 - 13:3

10.1 Hulle moes die inwyding vier met lofliedere en musiek.

10.2 Hulle het hulleself, die volk, die poorte en die muur gereinig.

10.3 Die paaslam geslag vir die wat uit die ballingskap teruggekom het.

10.4 Die groep wat noord beweeg het.

10.5 In die tempel.

10.6 a. Die trompette het geblaas;
b. Kore het gesing;
c. Daar is offers gebring.

10.7 Ja.

10.8 Die blydskap was luidkeels en kon ver gehoor word.

10.9 a. Manne is aangestel oor die voorraadkamers;
b. Die diensbeurte van die priesters en Leviete is gereël;
c. Die werk van die sangers en poortwagte is gereël.

10.10 Uit die offergawes.

10.11 Uit die boek van Moses.

10.12 Dit is in seën verander.

10.13 Die wat van gemengde afkoms was.
10.14 b
10.15 b d
10.16 a
10.17 b c d f
10.18 b c
10.19 c
10.20 Nee, dit is meer as een leeftyd se werk wat geweldige insette van baie mense oor baie jare verg.
10.21 Alles wat in die verlede, ook in die kerk van Christus se geskiedenis gedoen was, is die boustene waarop die hede gebou is.
10.22 Die inwyding sou dan die onthulling van 'n standbeeld van Nehemia gewees het, sonder werklike lof aan die Here. Nehemia verdwyn as't ware in die optog en al die klem val op God.
10.23 Presies. Met die inwyding van die muur het Nehemia en sy mense bely dat hulle die werk alleen met God se hulp kan voltooi en dat sy lof en eer vir hulle voorop gestaan het.
10.24 Die vreugde in Jerusalem kon kilometers ver gehoor word.
10.25 Koorsang behoort die gemeentesang te ondersteun en te versterk.
10.26 Sonder 'n goeie administrasiestelsel en goedversorgde ampsdraers sal die bouwerk aan persoonlike geloof ook nie tot sy reg kom nie. Entoesiasme gaan nie sonder beplanning en kontrole gepaard nie.
10.27 Korrek. Dit word gesien in die feit dat die Woord van God by die inwyding te voorskyn gehaal word en op grond van die riglyne wat daarin aangetref word daar verder opgetree word.
10.28 Ons moet bereid wees om onsself doelbewus te distansieer van dinge en mense wat ons geloof op watter wyse ook al van Christus wil wegrokkel. Dit beteken egter nie dat my Christelike liefde beperk mag word tot alleen die wat 100% met my saamstem nie. Geloof in God stel jou in op die mense rondom jou, en kan daarom nie in afsondering tot volle ontwikkeling kom nie.

11. NEHEMIA SE HERVORMINGS

NEHEMIA 13:4-31

11.1 In 'n groot kamer in die voorhof van die tempel wat tevore gebruik was vir die graanoffer, die wierook, die offergereedskap, die tiendes

van wyn, koring en olie, die aandeel van die Leviete, die sangers en die poortwagte en die offergawe vir die priesters.

11.2 Hy het probeer keer dat Nehemia en die volk die mure herbou.

11.3 Nehemia was nie in Jerusalem toe dit gebeur het nie.

11.4 Nehemia was kwaad en het die huisraad van Tobija uitgegooi. Hy het ook gesorg dat die kamer weer vir die diens van God afgesonder word.

11.5 Die Leviete het nie hulle aandeel aan onderhoud ontvang nie en kon derhalwe nie hulle werk behoorlik doen nie, want hulle moes terugkeer na hulle grond om 'n bestaan te kon maak.

11.6 Hulle het die verpligting aanvaar om elke jaar goud te bring vir dienswerk in die huis van die Here; hulle het belowe om hulle eerstelinge na die huis van die Here te bring en ook hulle tiendes.

11.7 Nehemia het die ampsdraers aangespreek. Hy het die Leviete weer in hulle poste aangestel en betroubare manne in bevel van die voorraadkamers gestel en gesorg dat die volk weer hulle tiendes bring.

11.8 Drie keer.

11.9 Mense het die wynpers getrap en handel gedryf, veral met die Tiriërs wat handelsware in Jerusalem ingebring het.

11.10 Hy spreek die vooraanstaande burgers aan en beskuldig hulle van sabbatsontheiliging -dieselfde sonde as wat hulle voorvaders gedoen het wat daartoe gelei het dat God hulle in ballingskap laat wegvoer het.

11.11 Hulle sou nie op die Sabbat handelsware aan die heidene verkoop nie.

11.12 Die poorte van Jerusalem is gesluit die aand voor die Sabbat en eers weer na die Sabbat oopgesluit. Mense is by die poorte geplaas om te verseker dat daar geen handelsware in die stad inkom nie en die handelaars is weggejaag.

11.13 Dat hulle weggestuur sal word.

11.14 Salomo het met heidense vrouens getrou en saam met hulle hulle afgode aanbid.

11.15 Hulle het nie gedoen wat in die wet geskryf was nie. Hulle het nagelaat om te luister na die Woord van God. God het hulle gewaarsku dat huwelike met heidense vrouens hulle afvallig van die Here sou maak.

11.16 Hy het met die mense geraas, hulle vervloek, party van hulle geslaan, hulle hare uitgetrek en hulle voor God 'n eed laat aflê om

nie hulle kinders met heidene te laat trou nie.

11.17 Dat God sal raaksien hoe hy probeer het om sy volk by hulle onderneming teenoor die Here te laat hou.

11.18 God is vir hom die belangrikste. Hy begin telkens by die skuldiges . Dit het aan hom geen verskil gemaak of hulle vooraanstaandes of leiers was nie. Hy sorg dat die volk se sake teenoor God eers in orde kom. Daarna maak hy werk van ander volkere indien hulle teenwoordigheid en dade die sonde van die volk veroorsaak. Hy laat eers die verkeerde dade ophou. Hy laat dit egter nie net daar nie, maar doen die regte dinge in die plek van die verkeerde. Daar word gebreek met die verkeerde en die regte word in die plek daarvan gedoen. Die skuldiges word aangespreek en daar word gesorg dat hulle hulle verkeerde dade regstel.

11.19 b c

11.20 a c

11.21 d

11.22 a b

11.23 Almal s'n. Die Leviete en sangers moes dienswerk by die tempel verrig. Die ampsdraers moes die volk op hulle verpligtinge wys om hulle tiendes na die tempel te bring sodat die werk daar gedoen kan word. Aan Selemja, Sadok, Pedaja en Ganan is die taak opgedra om die administrasie rondom die tiendes te behartig.

11.24 a b

11.25 b d e f

11.26 a b c d

11.27 a c

11.28 a b d f

11.29 Nehemia 13 bied 'n voorbeeld van gelowiges wat hulle geloof versaak het toe dit met hulle begin goed gaan het. Vandag sien en beleef ons dieselfde ding in ons gemeente. Beloftes wat aan God gemaak is word nie nagekom nie. Kinders word nie meer volgens die doopbelofte oor die verlossing geleer of laat leer nie. Die hoë egskeidingsyfer onder kerklidmate toon hoe beloftes wat voor God afgelê is eenkant gestel word.

11.30 Die hoëpriester Eljasib het so gesondig. Predikante, ouderlinge en geestelike leiers is mense wat ook kan sondig. Wanneer dit gebeur moet daar met die verkeerde, sondige dade gebreek word, dit moet dadelik laat staan word en die regte , positiewe dinge wat God vra, moet in die plek daarvan gedoen word.

11.31 Die geestelike leiers het wel 'n groot invloed op 'n gemeente, maar almal saam sorg vir die gees wat daar in 'n gemeente heers. Net soos wat die volk tiendes moes bring en moes leef volgens die wil van God, moes die leiers hulle hierin lei en help. Toe die volk nie hulle deel gedoen het nie, het alles begin skeefloop. In 'n gemeente maak lidmate sowel as ampsdraers die gemeente geestelik koud of warm.

11.32 Die Judeërs was die skuldiges deur nie te doen wat God vra nie. Dit is die volk en die owerheid tesame. As ons Sondae misbruik en saam met die ongelowiges gaan, is hulle die oorsaak van ons struikeling maar ons self ook skuldig omdat ons nie weerstand gebied het nie.

11.33 Dit is waar. Sonder tiendes moes die Leviete hulle poste verlaat om te gaan boer om aan die lewe te bly. Sonder die bydraes van elke lidmaat kan die kerk nie die werk doen wat aan hom opgedra is nie.

11.34 Nie so nie. So ver dit enigsins moontlik is moet die predikant al sy kragte en tyd aan die verkondiging van die evangelie wy. Die predikant sal sy werk in die gemeente verwaarloos indien hy nog 'n ander beroep ook beoefen.

11.35 Nehemia kon so optree omdat hy oortuig was dat wat hy doen reg was in die oë van die Here. Of st boodskap populêr sou wees al dan nie, spel by hom geen rol nie. Trouens, hy sien sy optrede as die opdrag wat God aan hom gegee het. Indien ampsdraers tot besef kom dat wat hulle in die kerk doen hulle vir God doen en dat Hy bepaalde dinge van hulle verwag, sal hulle met oortuiging kan praat en optree soos wat God dit van hulle verwag. Dit beïnvloed die mense aan wie die Woord bedien word ook positief ten opsigte van God.

11.36 Vir die gelowige is die Woord van God die norm vir die manier waarop hulle moet lewe. Daarom moet gelowiges altyd luister na God se Woord en die verkeerde laat staan en die regte dinge doen. Wanneer dit gebeur sal 'n mens jou tekortkominge besef en soos Nehemia telkens om genade smeek en daarna streef om naby God te leef en Hom te eer met woord en daad en alles wat in jou is.